


KKNK

'N KUUR VIR ELKE KWAAL

# FEESPROGRAM

Besoek **kknk.co.za** vir meer inligting

**23 tot 31 Maart 2024 | Oudtshoorn**

KKNK | absa

## KKNK 2024: 'N KUUR VIR ELKE KWAAL

Jy werk hard. Alles is duur. Die nuus maak jou depressief. Beurtkrag laat ons steeds in die donker.

Maar, oor die millennia heen, is daar nog altyd één ding wat die mensdom se gemoedere lig, ons koppe stimuleer en ons laat ontsnap.

**Kuns.**

En van kuns en vermaak loop die 28ste KKNK, geborg deur Absa, wat van **Saterdag 23 tot Sondag 31 Maart** op **Oudtshoorn** aangebied word, se aanbod oor. Dié datums val in die Maart-skoolvakansie en eindig oor Paasnaweek.

Goeie kuns, in al sy vorme en genres, laat die mens vir 'n wyle van die lewe se kwellinge vergeet. Kuns is medisyne vir die siel. By die KKNK wag daar in 2024 'n kuur vir elke kwaal.

Snykant-teater, debuutwerke en dramas wat heelmaak. Komedie vir onfikse lagspiere. Musiek in al sy vorme vir jeukvoete. Kos en wyn virrie pyn. 'n Kultuur-inspuiting vir skermverslaafdes. En 'n kleinhuisie meer.

Die KKNK het die regte medisyne vir jou!

Strate gaan wemel en die Feesmark gaan dreun met musiek deur van Suid-Afrika se topmusikante. Oudergewoonte is daar ook 'n magdom stalletjies om van te kies en keur, vermaak vir die jongspan, 'n KKNK-winkel, kroeë en hope ander.

Gratis vermaak is volop met straatoptredes, aktuele gesprekke, boekgesprekke, asemrowende kunsuitstallings en vele geleenthede om die Klein Karoo te ervaar en net gesellig saam te kuier.

**Sien. Beleef. Ervaar. Herlaai. Heel.**

Blaai deur die feesprogram en **bespreek jou kaartjies by Webtickets**. As jy op soek is na verblyf, besoek LekkeSlaap vir allerhande gerieflike opsies, of kontak die feeskantoor om te help met 'n kussing vir jou kop.

Begin solank beplan en kry jou kuns-medisyne op **Oudtshoorn** van Saterdag 23 tot Sondag 31 Maart.

## ALGEMENE INLIGTING

### Klassifikasie

**T** = Taal • Language
**G** = Geweld • Violence
**S** = Seks • Sex
**N** = Naaktheid • Nudity
**V** = Vooroordeel • Prejudice
**D** = Diviniteit • Divinity
**OB** = Ouerbegeleiding • Parental Guidance

### Kaartjieverkope

Kaartjies is beskikbaar by **Webtickets**. As jy op Oudtshoorn of naby woon, kan jy ook kaartjies by die KKNK se kantoor kom koop (Die Neelsie, Jan van Riebeeckweg 217).

Hoe vroeër jy koop, hoe meer gaan jy bespaar! Kaartjies wat vooraf gekoop word, is goedkoper as kaartjies wat tydens die KKNK by die deure of hekke gekoop word.

### Verblyf

Bespreek jou verblyf deur die verblyffoendies **LekkeSlaap** via ons webblad, of kontak ons vir meer inligting.

### Vriende van die KKNK

Word 'n **Vriend van die KKNK** en geniet verskeie feesvoordele soos afslag op kaartjies. Lidmaatskap kos slegs R400 vir die jaar. Besoek gerus ons webblad vir meer inligting.

### Kontak ons

Indien jy enige navrae het, kontak gerus die feeskantoor by 044 203 8600, stuur 'n e-pos na info@kunste.org.za of 'n WhatsApp na 065 285 2337. Besoek ook gerus ons webblad vir meer inligting by www.kknk.co.za.

## TONEEL

**Vitamien drama vir heelmaak en 'n hernude lewenslus: Sien daagliks soveel as moontlik.**

### Bloedbande

**Multidissiplinêre drama**

*Ondersteun deur die Nasionale Kunsteraad*

MET **Lyntjie Jaars en Khadija Heeger** TEKS **Maria van Wyk, Esther Engelbrecht, Shanell Brandt en Marquen Carstens** REGIE EN VERWERKING **Marquen Carstens** VERHOOGBESTUURDER **Vania Lewis** VERVAARDIGERS **Lyntjie Jaars en Marquen Carstens**

*Bloedbande* delf diep in die moederhuishoudings en susterskap in die kultuur van Nama-mense. Dit is 'n roerende, vervlegte verhaal van die onvertelde werklikhede in die Nama-streek.

**Afrikaans en Afri-Nama • Geen o.13 OB, V • 45 min.**
**R130 (vooraf) • R120 (Vriende van die KKNK) • R145 (by die deur)**
**ATKV-Griesselsaal**
**29 Maart 10:00 • 30 Maart 13:30 • 31 Maart 10:00**

## Braam en die engel

**Multidissiplinêre drama**

*'n Momentum Beleggings Aardklop-produksie in samewerking met die KKNK en die Feesteforum, moontlik gemaak deur NATi en AK21*

MET **Joanie Combrink, De Klerk Oelofse, Rehane Abrahams, Marelize Viljoen, Timothy Isaacs en Shaun Oelf** TEKSVERWERKING **van Marietjie de Jongh se gelyknamige roman deur Kanya Viljoen** REGIE **Nico Scheepers** ASSISTENTREGIE **Grant van Ster** TEGNIESE VERSORGING, KOSTUUMS, STEL- EN BELIGTINGSONTWERP **Nico Scheepers en Nell van der Merwe** MUSIEK **Franco Prinsloo** VERHOOGBESTUURDER **Nell van der Merwe** ASSISTENT-VERHOOGBESTUURDER **Sohail Booise** VERVAARDIGERS **KKNK en Momentum Beleggings Aardklop**

Die geliefde kinderboek *Braam en die engel* is verwerk as 'n magiese, multidissiplinêre teaterervaring vir die hele gesin. In dié boeiende storie oor die krag van vriendskap, verbeelding en hoop word 'n pasaangestelde streeksengel op 'n sending gestuur om te keer dat die inwoners van Wale van ellende vergaan. In Wale ontmoet die engel vir Braam en saam vertrek hulle op 'n reis wat hulle deur talle dorpe met verskillende uitdagings neem. 'n Produksie vir die hele gesin. Benoem vir vyf kykNET Fiëstas en vier Woordtrofees by die Toyota US Woordfees in 2023.

**Afrikaans • Gesin • 75 min.**
**R160 (vooraf) • R145 (Vriende van die KKNK) • R180 (by die deur) • R120 (kinders onder 13)**
**NATi-Gimsaal**
**27 Maart 14:00 • 28 Maart 18:30 • 29 Maart 15:00 • 30 Maart 10:00 • 31 Maart 10:00**

## Byster

**Drama**

MET **Lara Hattingh** REGIE, TEKS, MUSIEK, KOSTUUMONTWERP EN VERVAARDIGER **Lara Hattingh** TEGNIESE VERSORGING **Wicus Louw**

*Byster* is bekroon met die Woordtrofee vir beste prestasie by die Toyota US Woordfees se Fringe in 2023 en vertel die storie van 'n oningeligte, naïewe jong vrou wat sukkel om deur die diep waters van 2023 te kom. Sy's regtig snaaks, maar waarskynlik 'n bietjie van 'n narsis. In 'n versameling oënskynlik lukrake stories vertel sy kaalvuis wat sy dink. Sy wonder wat dit beteken om 'n vrou te wees en of sy haarself regtig 'n Afrikaner kan noem. Sy weet dit nie, maar sy is besig om te hardloop. Maar of sy probeer wegkom van iets, is onduidelik.

**Afrikaans • Geen o.13 OB • 75 min.**
**R140 (vooraf) • R125 (Vriende van die KKNK) • R155 (by die deur)**
**Bibsaal**
**23 Maart 10:00 • 24 Maart 13:30 • 25 Maart 17:30 • 26 Maart 10:00**

## Die begrafnisrede

**DEBUUT**

**Komedie**

MET **Wynand van Vollenstee** TEKS **Wynand van Vollenstee** REGIE **Wynand van Vollenstee en Willie Esterhuizen** VERHOOGBESTUURDER **Martin Breedt** VERVAARDIGER **That's Freakin Nice Productions**

Om die tydelike met die ewige te verwissel kom met sy eie uitdagings. Basies is dit dieselfde proses as om 'n bruilof te reël – blomme, spysenering, vervoer, uitrustings – die enigste groot verskil is jy kan nie kies om dit nié by te woon nie. Gelukkig kom Gabriel van Gabriel en Seun Sakpas Begrafnisdienste tot jou redding wanneer jy hulle die nodigste het. Hul welbekende begrafnisonderneming se slagspreuk sê dit alles: "Ons is hier vir jou wanneer jy nie meer is nie." Hierdie unieke begrafnisonderneming bied alle dienste onder een dak – van traumaberading tot hul gewilde vyfster-begrafnisbroodjiebuffet. Die heel duurste pakket sluit tot tien professionele rouklaers in om die gepaste, intense atmosfeer te skep. Kom lag saam vir die skreeusnaakse karakters wat ons al almal by dié byeenkomste gewaar het en ervaar die ligte kant van die laaste paragraaf van ons lewensboek.

**Afrikaans • Geen o.13 T • 70 min.**
**R190 (vooraf) • R170 (Vriende van die KKNK) • R200 (by die deur)**
**kykNET Hoërskoolsaal**
**23 Maart 13:30 • 24 Maart 13:30 • 25 Maart 19:30**

## Die Francois Toerien Show +

**Sketskomedie**

*'n Toyota US Woordfees-produksie. Speelvak moontlik gemaak deur die KKNK.*

MET **Francois Toerien, Esther von Waltsleben, Lorraine Burger, Dean John Smith, Karli Heine, Hendrik Nieuwoudt en Kabous Meiring (gaskunstenaar)** REGIE **Juanita Swanepoel** TEKS **Francois Toerien** MUSIEK **Coenraad Rall** STELONTWERP EN VERHOOGBESTUURDER **Gaerin Hauptfleisch** KOSTUUMONTWERP EN ASSISTENTVERHOOGBESTUURDER **Stephanie Hough** PRODUKSIEBESTUURDER **Charl Faurie**

"Dit is nou kwart oor sewe en hier volg die nuus om sewe…" Alles verskuif, verander, rampe en peste tref ons. Eens was daar krag, water, net vroue en

mans. “Maar nie meer nie.” Semigrasie na die Wes-Kaap? Jy het ’n vierslaapkamerhuis gehad met ’n swembad en ’n huishulpkamer. Óók nie meer nie. Gereelde sameswerings, ekskuus, samesprekings en kommissies van ondersoek. Fase 8-beurtkrag: ’n Babelse verwarring in die donker. En te midde van alles moet jy nog jou bestuurderslisensie hernu. “Lekker man, lekker.” Dink jy dit is belaglik, lagwekkend, lag jy al? Wel jy gaan. Kliphard!

**Afrikaans • Geen o.13 T • 75 min.**
**R180 (vooraf) • R160 (Vriende van die KKNK) • R200 (by die deur)**
**kykNET Hoërskoolsaal**
**27 Maart 10:00 • 28 Maart 19:30 • 29 Maart 10:00 • 30 Maart 10:00 • 31 Maart 11:00**

## Die stoele

**DEBUUT**

**Tragi-komedie**

*’n KKNK-produksie, ondersteun deur NATi*

MET **Antoinette Kellermann en André Roothman** REGIE EN ONTWERP **Marthinus Basson** TEKS **Eugène Ionesco** VERTALING **Nerina Ferreira** VERHOOGBESTUURDER EN BELIGTINGSONTWERP **Nicolaas de Jongh** VERVAARDIGER **KKNK**

Twee ou mense, opgewonde, in afwagting op hul groot aand wanneer die ou man sy lewensfilosofie, waaraan hy 93 jaar reeds poets, op genooides gaan loslaat. ’n Toestroming van gaste uit alle lae van die samelewing, insluitend die president, maak hul opwagting by die vuurtoringhuis op ’n afgesonderde eiland. Om almal te akkommodeer, verg stoele en nogmaals stoele. Maar die gaste is onsigbaar. En die ou man kan nie self sy boodskap oordra nie. En hy het iemand gekry om namens hom te praat.

**Afrikaans • Geen o.10 OB • 120 min.**
**R210 (vooraf) • R190 (Vriende van die KKNK) • R230 (by die deur)**
**SANW-ouditorium**
**27 Maart 10:00 • 28 Maart 19:00 • 29 Maart 14:30 • 30 Maart 19:00 • 31 Maart 10:00**

## Die swartmerrie

**DEBUUT**

*’n KKNK-projek, ondersteun deur die Jannie Mouton-stigting, Het Jan Marais Nationale Fonds, NATi, die Wes-Kaapse regering en die Oudtshoorn-munisipaliteit*

MET **Theo Witbooi, Janion Kennedy, Chantell Phillipus, Jermaine Bruintjies en Melikhaya Blou** TEKS EN REGIE **Tiffany Saterdaght en Neil Coppen**

Ná die sukses van *Karoo Kaarte* se aangrypende teaterproduksies *Droomkraan Kronieke* (2023) en *Op hierie dag* (2022) verlaat die teaterspan vanjaar die tradisionele teaterruimtes en skep ’n splinternuwe plekspesifieke produksie gesentreer rondom die eens fabelagtige, maar nou vervalle Oudtshoorn-spoorweg. Die span het met behulp van die navorsing oor die geskiedenis van Oudtshoorn-treine, asook die vele herinnerings daaroor en karakters rondom dit, ’n surrealistiese en poëtiese staptoer geskep. Die gehoor word teen skemertyd op reis geneem langs Oudtshoorn se treinspore, waar ’n reeks verrassende optredes langs die pad wag. Trek gemaklik skoene aan en bring ’n baadjie.

Following the success of *Karoo Kaarte*’s theatre productions *Droomkraan Kronieke* (2023) and *Op Hierie Dag* (2022) the theatre team are leaving traditional festival stages in favour of a site-specific performance centred around the fabled and now defunct Oudtshoorn railway. After research focussed on the history of Oudtshoorn trains, as well as the many memories and characters surrounding it, the team have spun these narratives into a surreal and poetic sunset walking tour, where audiences take a journey down train tracks in Oudtshoorn at twilight, encountering a range of surprise performances along the way. Wear walking shoes and bring a jacket.

**Veeltalig • Geen o.12 • 80 min.**
**R80 (vooraf) • R50 (Vriende van die KKNK) • R90 (by die deur)**
**Venue: TBC**
**23 tot 31 Maart 17:30**

## Die Van Vuurens vat vlam

**DEBUUT**

**Komedie**

MET **Lizz Meiring, Cara Meiring en David Kuduntwane** TEKS **Lizz Meiring** KLANK- EN BELIGTINGSONTWERP **Jak J. Brits** PRODUKSIEBESTUURDER **Nelius Ferreira** VERHOOGBESTUURDER **Yvette Hanekom**

Sterna van Vuuren het lank oorsee gewerk. Haar broerskind, die jong wetenskapstudent Bernadette van Vuuren, bly intussen in haar *townhouse*, gratis en verniet. Maar sy moet natuurlik die plek versorg en netjies hou. Die tante-en-niggie-verhouding is maar plofbaar. Daar is ’n kinkel in die kabel, of is dit nou ’n fungi in ’n bottel…? Want nou bly haar komiese mimiekkunstenaar-*boyfriend*, Flippie van Vuuren, ook daar. Hy is deur ’n wit Afrikaanse gesin grootgemaak. Wanneer hy wel praat, praat hy woordeboek-Afrikaans en was ook in ’n Afrikaanse skool gewees. Sy van is heel toevallig ook Van Vuuren, alhoewel die gesin by wie hy grootgeword het geen familiebande met die eiewyse Sterna van Vuuren of Bernadette het nie.

Dankie tog, want volgens oorlewering het Sterna en Bernadette se tak van die Van Vuurens 'n baie rare familiekwaal. Een wat bykans ongelooflik is en waarvoor daar geen verklaring is nie. En tog gebeur dit wêreldwyd. Soms. Sterna van Vuuren daag onverwags op. 'n Jaar voor sy moes terugkom. Sy moes glo vlug as gevolg van… kom ons los dit maar eers daar… Intussen het Bernadette en Flippie haar *townhouse* in 'n eienaardige ruimte verander. Want dié twee het rare toekomsdrome. Dié rare donkerkomedie is 'n vrolike en dikwels laserskerp verhaal van verskillende generasies se standpunte, foute en ambisies. Dis slimsnaaks, oorspronklik en "verassend". Bowenal: Gaan die Van Vuurens se vreemde familiekwaal die vuur aanblaas?

**Afrikaans • Geen o.13 • 60 min.**
**R180 (vooraf) • R160 (Vriende van die KKNK) • R200 (by die deur)**
**kykNET Hoërskoolsaal**
**25 Maart 10:00 • 26 Maart 16:30 • 27 Maart 19:30 • 28 Maart 16:30**

## Die vegetariër

**Drama**

*'n Toyota US Woordfees-produksie, ondersteun deur NATi. Speelvak moontlik gemaak deur die KKNK.*

MET **Tinarie van Wyk Loots, Wilhelm van der Walt, Eben Genis en Melissa Myburgh** REGIE, VERVAARDIGER, STELONTWERP EN TEGNIESE VERSORGING **Jaco Bouwer** OORSPRONKLIKE TEKS **Han Kang** VERWERKING EN VERTALING **Willem Anker** BELIGTINGSONTWERP **Wolf Britz** KOSTUUMONTWERP **Bridget Baker** MUSIEK **Pierre-Henri Wicomb**

Hulle was net nog 'n getroude paartjie tot sy op 'n dag ophou vleis eet… Só begin 'n reeks gebeure van toenemende fisieke en psigiese verset. Haar man, swaer en suster is getuies van hierdie enigmatiese reis en haar groeiende fantasieë wat toenemend plantaardige vorme aanneem. 'n Verhoogverwerking van Han Kang se roman *The Vegetarian*, wenner van 2016 se Man Booker International-prys. Benoem vir ses Woordtrofees en bekroon as beste toneelstuk en vir beste tegniese prestasie by die Toyota US Woordfees in 2023.

**Afrikaans • Geen o.18 G, S, N • 100 min.**
**R210 (vooraf) • R190 (Vriende van die KKNK) • R230 (by die deur)**
**NATi-Gimsaal**
**23 Maart 12:30 • 24 Maart 14:30 • 25 Maart 18:00 • 26 Maart 15:00 • 28 Maart 14:00**

## Eg Kaaps: Salaam-stories

**DEBUUT**

**Drama**

MET **Ashraf Johaardien, Cheraé Halley en Matthew MacFarlane** TEKS **Ashraf Johaardien** REGIE **Jade Bowers** MUSIEK **Matthew MacFarlane** VERVAARDIGER **Jade Bowers Design & Management**

*Eg Kaaps* is 'n innoverende tweeluik van bekroonde solo-optredes wat die diversiteit en dinamiek van Suid-Afrikaanse storievertelling en opvoering vier. Gesamentlik weerspieël hierdie kragtige werke die ryk kulturele tapisserie van Kaapstad en sy mense. Gehore kry deur hierdie stukke 'n diepsinnige blik op temas van identiteit, erfenis en die menslike ervaring. Dit is 'n kragtige teaterervaring en betrek die sintuie, emosies en intellek van die gehoor. Die optredes word naatloos vervleg, wat 'n dinamiese en harmonieuse reis deur diverse narratiewe en kulturele perspektiewe bied. *Eg Kaaps* is Ashraf Johaardien se swanesang-vertoning en die eerste keer dat die regisseur Jade Bowers en Cheraé Halley weer kragte saamsnoer ná *What the Water Gave Me*, meer as 'n dekade gelede.

*Eg Kaaps* is an innovative double-bill of award-winning solo performances that celebrates the diversity and vibrancy of South African storytelling and performance. Together, these powerful works reflect the rich cultural tapestry of Cape Town and its people. Through these plays, audiences will be immersed in thought-provoking narratives that traverse themes of identity, heritage, and the human experience. It is an immersive theatrical experience that engages the senses, emotions, and intellect of the audience. The performances intertwine seamlessly, offering a dynamic and harmonious journey through diverse narratives and cultural perspectives. *Eg Kaaps* is Ashraf Johaardien's swansong performance and the first time that director Jade Bowers and Cheraé Halley join forces for a solo performance, following *What the Water Gave Me* more than a decade ago.

**Engels en Afrikaans • Geen o.13 OB • 70 min.**
**R130 (vooraf) • R120 (Vriende van die KKNK) • R145 (by die deur)**
**ATKV-Griesselsaal**
**24 Maart 10:00 • 25 Maart 18:00 • 26 Maart 10:00**

## Every Brilliant Thing

**Comedy drama**

WITH **Henu Baden** SCRIPT **Duncan Macmillan with Jonny Donahoe** DIRECTOR **Jeff Brooker** PRODUCER **Jeff Brooker Productions** CO-PRODUCER **Dean Goldblum**

A young boy creates a list of every brilliant thing in the world to help his mother battle depression and suicide. It starts with simple pleasures like ice cream, water fights, and staying up past bedtime to watch TV, and later becomes quirky items like old people holding hands. As he matures, so does the list,

transforming into a touching testament to the power of positivity in adversity.

'n Jong seun maak 'n lys van al die mooi dinge in die wêreld om sy ma in haar stryd teen depressie en selfdood te help. Dit begin met eenvoudige plesiere soos roomys, watergevegte en wakkerbly ná slaaptyd om TV te kyk en later sluit dit meer eiesoortighede in soos oumense wat hande vashou. Soos hy ouer word, word die lys ook meer volwasse en word dit 'n aangrypende getuigskrif van hoe 'n positiewe ingesteldheid teëspoed te bowe kan kom.

**English with Afrikaans • PG, L • 70 min**
**R160 (vooraf) • R140 (Vriende van die KKNK) • R170 (by die deur)**
**Bibsaal**
**28 Maart 10:00 • 29 Maart 13:30 • 30 Maart 17:30**

## Fietsry vir dommies

**Drama**

*'n Suidoosterfees-produksie, ontwikkel met die ondersteuning van NATi, die Kunstekaap en die Jakes Gerwel Stigting*

MET **Eldon van der Merwe** REGIE **Dean Balie** TEKS EN VERVAARDIGER **Tiffany Saterdaght** MUSIEKREGIE **Dean Balie** TEGNIESE VERHOOGBESTUURDER **Dian Harcovecchio**

Carl het 'n graad in konstruksiebestuur, maar hy woon steeds in die "blink hokke" van Rose Valley. Hy ly aan depressie en dink gereeld na oor wat dit beteken om 'n bruin man in Suid-Afrika te wees. Verder eis "black tax" sy tol met die opoffering wat hy vir sy familie en gemeenskap moet maak. Carl se uitdagings word treffend uitgebeeld met rymklets en poësie. Die teks is oorspronklik as leesteater by die KKNK se Teksmark Oudtshoorn in 2021 voorgelê.

**Afrikaans • Geen o.13 T • 55 min.**
**R130 (vooraf) • R120 (Vriende van die KKNK) • R145 (by die deur)**
**Van Reedesaal**
**26 Maart 19:30 • 27 Maart 09:30 • 28 Maart 18:00 • 30 Maart 20:00 • 31 Maart 09:30**

## Goed wat wag om te gebeur

**Drama**

*'n Momentum Beleggings Aardklop en Toyota US Woordfees ko-produksie, ondersteun deur NATi. Speelvak moontlik gemaak deur KKNK.*

MET **Antoinette Kellermann, Gideon Lombard en Emma Kotze** TEKS, REGIE EN STELONTWERP **Philip Rademeyer** OORSPRONKLIKE TITEL ***The Graveyard*** BELIGTINGSONTWERP **Andi Colombo** VERHOOG- EN PRODUKSIEBESTUURDER **Amber Fox-Martin** VERVAARDIGERS **Momentum Beleggings Aardklop en Toyota US Woordfees**

Hendrik keer vir die eerste keer in 15 jaar terug na sy ouerhuis. Die huis is verlate en hy besluit om in die donker kelder – waar hy sy kinderdae deurgebring het – te wag. Die kelder is leeg, maar die familie se geheime en geskiedenis hang in die lug, lê begrawe in die huis se fondamente. Hy speel met Lego, drink en wag. Drie figure sweef in en uit – sy verharde suster, sy tenger ma, sy lewenslustige meisie. Soos hy al dieper in die bottel kyk, herrys spoke van geweld, verwyte en verslawing. Hy wag vir iets om te gebeur. Of iemand om hom te vind. Bekroon as beste nuutgeskrewe Afrikaanse teks by Momentum Beleggings Aardklop in 2023 en benoem vir drie Woordtrofees by die Toyota US Woordfees in 2023.
**Afrikaans • Geen o.16 T, G • 80 min.**
**R210 (vooraf) • R190 (Vriende van die KKNK) • R230 (by die deur)**
**NATi-Gimsaal**
**23 Maart 18:00 • 24 Maart 09:30 • 25 Maart 13:30 • 27 Maart 19:00 • 28 Maart 09:30**

## Hallo, is Bettie wat praat

**Komedie**

MET **Dean John Smith** REGIE, BELIGTINGSONTWERP EN TEGNIESE VERSORGING **Gantane Kusch** TEKS EN KOSTUUM-ONTWERP **Dean John Smith** ONDER LEIDING VAN **Oscar Petersen**

Dean John Smith, *Suidooster* se geliefde Wade, klim weer in die skoene van die skreeusnaakse Bettie, sy aweregse sosialemedia-persona. Bettie is beroemd (of is dit berug?) vir die eiers wat sy oor alles en almal te lê het, hoewel sy gewoonlik die kat aan die stert beet het. 'n Komedie met resepte, skinderstories en lief en leed. *Okay, bapaaai!*

**Afrikaans • Gesin OB, T • 55 min.**
**R120 (vooraf) • R110 (Vriende van die KKNK) • R135 (by die deur)**
**Van Reedesaal**
**29 Maart 13:30 • 30 Maart 16:30 • 31 Maart 13:30**

## Hans gee Herklaas horings

**Komedie**

*'n Innibos-produksie*

MET **Tobie Cronjé en Ignatius van Heerden** REGIE **Tobie Cronjé** TEKS **Rudie van Rensburg** BELIGTINGSONTWERP, TEGNIESE VERSORGING EN KOSTUUMONTWERP **Hollywood Costumes** KLANKBAAN **Wesley West** VERVAARDIGER **Leftfoot Theatre Productions**

RSG-luisteraars het vasgenael voor die radio gesit en luister hoe Tobie Cronjé lewe gee aan Rudie van Rensburg se karakters in die *Hans*-boeke. Tobie was ook te sien in die rolprentweergawe van *Hans steek die Rubicon*

*oor*. Teatergehore kry nou die geleentheid om Tobie in lewende lywe op die verhoog te ervaar in 'n gedramatiseerde voorlesing en verwerking van *Hans gee vir Herklaas horings*. Ignatius van Heerden voorsien die radiobyklanke en beloof om gehore te laat skaterlag.

**Afrikaans • Gesin • 85 min.**
**R210 (vooraf) • R190 (Vriende van die KKNK) • R230 (by die deur)**
**kykNET Hoërskoolsaal**
**27 Maart 17:00 • 28 Maart 13:00 • 29 Maart 16:30 • 30 Maart 13:00**

## Hoerkind

**Drama**

*'n Suidoosterfees-produksie*

MET **Geon Nel** REGIE **Margit Meyer-Rödenbeck** TEKS EN VERWERKING **Francois Toerien, gegrond op Herman Lategan se gelyknamige boek** ASSISTENTREGIE, TEGNIESE VERSORGING EN VERHOOGBESTUURDER **Jeanne Steenkamp** MUSIEK **Coenraad Rall** STELONTWERP **Gerrit Snyman** BELIGTINGSONTWERP **John B. Swart** VERVAARDIGER **Arena Produksiehuis**

Hy word 'n hoerkind genoem. Op ses gaan hy kinderhuis toe. Sy stiefpa skiet op hom. Op 13 beland hy in die kloue van 'n pedofiel. Alkohol- en dwelmafhanklikheid ry hom. Een aand word hy gyselaar gehou en met 'n mes gesteek. Sy foute is volop, maar hy leer soos hy voortbeur. 'n Ware verhaal oor verlies én oorwinning, gegrond op die joernalis Herman Lategan se memoires.

**Afrikaans • Geen o.18 T, V • 80 min.**
**R190 (vooraf) • R170 (Vriende van die KKNK) • R210 (by die deur)**
**Van Reedesaal**
**28 Maart 15:30 • 29 Maart 20:00 • 30 Maart 13:00**

## Incarnations of Sand

**FESTIVAL DEBUT**

**Absurd theatre**

*Run supported by the Johann Brink Trust. Originally developed for the Première Theatre Festival.*

WITH **Alet Bruyns and Zara van der Westhuizen** SCRIPT AND DIRECTOR **Dhania Kara Schultz** STAGE MANAGER **Wilri van der Merwe** PRODUCERS **KKNK and NATi**

In a world where there are only two, and one day becomes the next like shifting dunes, time means nothing. The sand trickles through the hourglass, and yet it seems to always turn on the final grain. Never full. Never empty. Filling the moments with something. Tick, tick, tick, tick. Suddenly, a change. A bomb. Forced to confront their mortality. What can one do in the crosshairs of devastation? Die? Or Dream? An absurd theatre experience which explores mortality, connection and above all, what it means to be human.

In 'n wêreld waar daar slegs twee is, en die dae een na die ander soos waaisandduine verander, beteken tyd niks. Die sand syfer deur die uurglas, maar tog blyk dit dat dit elke keer by die laaste korrel omswaai. Nooit vol nie. Nooit leeg nie. Die oomblik word met iets gevul. Tik, tik, tik, tik. Skielik, 'n verandering. 'n Bom. Gedwonge konfrontasie met hul sterflikheid. Wat kan 'n mens doen as jy midde-in die verwoesting staan? Sterf? Of droom? 'n Absurdeteater-ervaring wat 'n unieke blik werp op sterflikheid, verbintenisse en bowenal wat dit beteken om mens te wees.

**English • Family • 55 min**
**R120 (vooraf) • R110 (Vriende van die KKNK) • R130 (by die deur)**
**ATKV-Griesselsaal**
**23 March 12:00 • 24 March 18:00 • 25 March 13:30**

## Kekkelkliniek

**DEBUUT**

**Stand-up**

MET **onder andere Alfred Adriaan, Stuart Taylor, Conrad Koch en Lindy Johnson**

'n Bietjie Engels, a little Afrikaans en sommer 'n hele klomp laughs! Enjoy a hilarious night out with a collection of South Africa's top comedians all on one stage. If you're up for a big laugh, then don't miss *Kekkelklinkiek*, a KKNK Comedy Mash-up. Ons kon nie besluit of dit Afrikaans of Engels moes wees nie, toe meng ons maar die twee en gee vir jou *Kekkelkliniek*. Hierdie komediante bring net die beste van beide Engelse en Afrikaanse humor! Hosted by the hilarious Alfred Adriaan who is a well-known social media comedy star and known for his shows across South Africa as well as internationally in Australia, London, New Zealand and New York. The show also includes comedy greats such as Stuart Taylor, Conrad Koch and Lindy Johnson. This line-up presents a celebration of SA's diverse comedy scene and is a non-stop laughter fest!

**Afrikaans en Engels • Geen o.14 OB • 90 min.**
**R130 (vooraf) • R115 (Vriende van die KKNK) • R140 (by die deur)**
**Absa Burgersentrum**
**27 Maart 20:00**

## Ken jy vir Dewie?

**DEBUUT**

**Drama**

*'n KKNK, Suidoosterfees en Momentum Beleggings Aardklop ko-produksie*

MET **Crystal Donna Roberts, Robert Hindley en Joshwin Dyson** TEKS **Ilne Fourie** REGIE **Margit Meyer-Rödenbeck** VERVAARDIGERS **Margit Meyer-Rödenbeck en Ilne Fourie**

Dewie de Jager is ’n doodgewone ou. Hy is nie die tipe ou teen wie mammas hulle matriekdogters waarsku nie. Hy is die ou wat skaam *smile* en dan wegkyk, want dit is *embarrassing* vir julle altwee, want wat is sy naam nou weer? Deon? Dewald? Donald? *Whatever!* Maar iewers tussen alles deur hunker die mens na een ding: aanvaarding. Om te *belong*. Om ’n *legend* te wees waaroor almal gaan praat. Om te wees. Oral. Teen die klaskamermure. Op die voorblaaie. Op *Google search*. Om die *saviour* te wees van elke *loser* wat elke pouse moet keer vir sy *wickets*, sy kosblik, sy kniekoppe, sy bril, sy ma se toebroodjies en sy snoepiegeld. *Die teks is oorspronklik as leesteater voorgelê by die KKNK se Teksmark in 2023.*

“Al + een = alleen… Daai is die most brutal wiskundesom. En jy het nie wiskunde G nodig om te weet jy is f*cked nie…”

**Afrikaans • Geen o.14 T, G • 75 min.**
**R180 (vooraf) • R160 (Vriende van die KKNK) • R200 (by die deur)**
**Wesbank-skoolsaal**
**23 tot 27 Maart 12:00 en 16:00**

## ’n Lewe in die dag van ’n vrugtevlieg, ensomeer: Die ongewerwelde-trilogie

**DEBUUT**

**Komedie**

MET **David Viviers en Wessel Pretorius** TEKS, REGIE EN VERVAARDIGER **Wessel Pretorius**

’n Kunssinnige vrugtevlieg raak verlief op Timotheé Chalamet, op die stel van *Call Me by Your Name*. ’n Mot met die hart van ’n vlinder probeer ’n verhouding aankoop met ’n kersvlammetjie gedurende die onsekere dae van beurtkrag. ’n Depressiewe spinnekop betree die wêreld van mededingende klopdans in ’n poging tot selfaanvaarding. In hierdie opvolg tot die gewilde *Klara Maas se hart is gebreek, ensomeer: Die vloeistof-trilogie*, wat in 2017 vir verskeie Kannas benoem is, keer David Viviers en Wessel Pretorius terug met drie nuwe verhale oor drie onwaarskynlike helde. Dit is ook Viviers se terugkeer na die verhoog ná twee jaar op die gewilde kykNET-sepie *Binnelanders*.

**Afrikaans • Geen o.13 T • 80 min.**
**R160 (vooraf) • R145 (Vriende van die KKNK) • R175 (by die deur)**
**Van Reedesaal**
**23 Maart 19:30 • 24 Maart 09:30 • 25 Maart 13:00 • 26 Maart 13:30**

## Magda Louw

**Komedie**

*’n Ko-produksie tussen Innibos, die Suidoosterfees en Momentum Beleggings Aardklop*

MET **Desiré Gardner** TEKS EN VERVAARDIGER **Desiré Gardner** REGIE **Hannes van Wyk** PRODUKSIEBESTUURDER **Nelius Ferreira**

Magda Louw bevind haarself in haar herfsjare op nasionale televisie en skielik is sy nie net meer die tannie in die straat nie, maar die tannie in mense se sitkamers – en nou ook die tannie op die verhoog. Wat sal sy kwytraak met ’n mikrofoon in die hand? Wat is haar siening oor sosiale media, gewig, die plooie oor haar *décolleté*, reis en sommer rys ook? Sal sy die paar kilos kan afskud voor haar optrede, en belangrikste van alles, hoe de hel gaan sy al haar woorde onthou? Gebaseer op die gewilde kykNET-reeks *Magda Louw*, met die tweede seisoen wat in Januarie 2024 terugkeer. Benoem vir beste akteur in ’n komedie by die kykNET Silwerskermfees in 2023.

**Afrikaans • Geen o.16 T • 60 min.**
**R180 (vooraf) • R160 (Vriende van die KKNK) • R200 (by die deur)**
**kykNET Hoërskoolsaal**
**23 Maart 18:00 • 24 Maart 10:00 • 25 Maart 16:30 • 26 Maart 10:00**

## Master Class

**Drama**

*Oorspronklik aangebied in samewerking met Pieter Toerien Produksies*

MET **Sandra Prinsloo, Siphamandla Moyake, Alida Scheepers, Tylor Lamani, Elisabeth Manduell en José Dias** TEKS **Terrence McNally** REGIE EN BELIGTINGSONTWERP **Magdalene Minnaar** MUSIEK **Verskeie, onder leiding van José Dias** STELONTWERP **Maritha Visagie** KOSTUUMONTWERP **Rabia Davids** VERVAARDIGER **Kaapstad Opera**

Sandra Prinsloo skitter in die rol van die operadiva Maria Callas tydens haar swanesang in die jare sewentig, die slotbedryf van haar lewe. Terrence McNally se Tony-bekroonde toneelstuk bevat musiek deur Giuseppe Verdi, Giacomo Puccini en Vincenzo Bellini en is in 2023 opgevoer om saam te val met die herdenking van Callas se geboorte 100 jaar gelede. Master Class is benoem vir drie Woordtrofees by die Toyota US Woordfees in 2023, waaronder beste produksie en Sandra Prinsloo is bekroon met die Woordtrofee vir beste vroulike speler.

Sandra Prinsloo is outstanding in her portrayal of opera diva Maria Callas. Set in the 1970s, her performance captures the iconic diva’s swansong during the closing act of her life. Following its overwhelming success in Cape Town

and Johannesburg, Terrence McNally's Tony Award-winning play comes to Oudtshoorn. The play features vocal music by the talented trio of Giuseppe Verdi, Giacomo Puccini, and Vincenzo Bellini. The 2023 production, which coincided with the centenary of Callas' birth, saw Sandra Prinsloo winning the Woordtrofee for Best Actress at the Toyota US Woordfees as well as *Master Class* being nominated for three Woordtrofees, including Best Production.

**Engels • Geen o.13 OB, T • 150 min. (pouse ingesluit)**
**R250 (vooraf) • R225 (Vriende van die KKNK) • R275 (by die deur)**
**SANW-ouditorium**
**23 Maart 11:00 en 15:00 •**
**24 Maart 10:00 en 14:00**

## Monika, it's me

**DEBUUT**

**Drama**

MET **Klara van Wyk** REGIE **Jenine Collocott** TEKS **Klara van Wyk en Jenine Collocott** STELONTWERP **Francesco Nassimbeni** KOSTUUMONTWERP **Lieze van Tonder** VERVAARDIGER **Klara van Wyk**

Maryna is 'n bedrewe Facebook Marketplace-verkoper, bekroonde honde-afrigter en nou ook die onwaarskynlike oppasser van Monika, wat binnekort die tydelike met die ewige gaan verwissel. Monika, 'n statige, voorstedelike huisvrou, is deur haar gesin agtergelaat (nou *expats* in Nieu-Seeland) en dit is net te ver vir hulle om terug te keer om die huis op te pak. Hierdie solovertoning bied 'n komiese blik op die werklikhede van oudword, alleenwees en *The Gentle Art of Swedish Death Cleaning*.

**Afrikaans en Engels • Geen o.13 T • 50 min.**
**R140 (vooraf) • R125 (Vriende van die KKNK) • R155 (by die deur)**
**Bibsaal**
**23 Maart 17:30 • 24 Maart 10:00 •**
**25 Maart 13:30 • 26 Maart 17:30**

## Monsters

**Eksperimentele drama**

*'n Toyota US Woordfees-produksie*

MET **Michele Burgers, Elton Landrew, Ntlanhla Kutu en René Cloete** TEKS **Niklas Rådström** VERTALING **Tinarie van Wyk Loots** REGIE, VERVAARDIGER EN VERWERKING **Tinarie van Wyk Loots** BELIGTINGSONTWERP **Jaco Bouwer** MUSIEK **Pierre-Henri Wicomb** VERHOOGBESTUURDER **Llandi Beeslaar**

*Monsters* is die transkripsie van 'n ondersoek. Twee tienjarige seuns word ondervra ná die verdwyning van die tweejarige James Bulger in 1993. Voor die vertoning begin, trek die akteurs lootjies om te bepaal wie watter rol lees. Dié rolle word om die beurt in 'n voorlesingstyl vertolk, met tekste wat aan die begin van elke toneel onder van die spelers uitgeruil word. Vrywillige gehoorlede word ook betrek om 'n stuk teks op die verhoog voor te lees. Michele Burgers (*Die Manakwalanners* en *Vallei van sluiers*) keer vir die eerste keer in jare terug na die verhoog.

**Afrikaans, Engels en Xhosa • Geen o.13 OB, G • 75 min.**
**R180 (vooraf) • R160 (Vriende van die KKNK) • R200 (by die deur)**
**ATKV-Griesselsaal**
**27 Maart 10:00 • 28 Maart 18:00 •**
**29 Maart 13:30 • 30 Maart 18:00**

## My Fellow South Africans

**Comedy**

*Developed with support by Artscape and the University of Johannesburg*

WITH **Kim Blanché Adonis** SCRIPT AND DIRECTOR **Mike van Graan** PRODUCER **MVG Productions**

This production is a multi-sketch satirical commentary in the tradition of the award-winning *Pay Back the Curry*, *Bafana Republic*, and *State Fracture*. A one-person show using comedy, singing, poetry, physical theatre and character sketches providing sharp critical commentary on contemporary South African themes. The play has been performed more than 100 times in formal theatre spaces, but also in schools, corporate boardrooms, hotel function rooms, retirement villages and even in people's homes! Kim Blanche Adonis won the Woordtrofee for Best Achievement in a Solo show at the 2023 Toyota US Woordfees.

'n Versameling van verskeie sketse waarin satiriese kommentaar gelewer word, in die tradisie van die gewilde en bekroonde *Pay Back the Curry*, *Bafana Republic* en *State Fracture*. 'n Solovertoning met komedie, sang, digkuns, fisieke teater en karaktersketse wat skerp, kritiese kommentaar op hedendaagse Suid-Afrikaanse temas lewer. *My Fellow South Africans* is reeds meer as 100 keer in formele teaters opgevoer, maar ook by skole, in korporatiewe raadsale, hotelkonferensiesale, by aftreeoorde en selfs in mense se huise. Kim Blanché Adonis is bekroon met die Woordtrofee vir beste prestasie in 'n solovertoning by die Toyota US Woordfees in 2023.

**English • No u/16 L • 65 min**
**R150 (vooraf) • R135 (Vriende van die KKNK) • R165 (by die deur)**
**ATKV-Griesselsaal**
**29 March 19:00 • 30 March 10:00 •**
**31 March 13:30**

## Op die hoek van Styx en River is Nora per abuis met die dood oorgeslaan

**DEBUUT**

**Satire**

*'n KKNK, Suidoosterfees, Momentum Beleggings Aardklop, Innibos en Vrystaat Kunstefees ko-produksie*

MET **Sandra Prinsloo en David Viviers** TEKS **Henque Heymans** REGIE **Toni Morkel** VERVAARDIGERS **Leftfoot Theatre Productions en die KKNK**

Die hiernamaals is toe baie minder deftig as wat ons gedink het – verbeel jouself 'n staatsdepartement uit die 1970's. Dis waar Nora haarself nou bevind. Die enigste probleem is, sy's nooit dood nie en niemand wil haar glo nie. Sy besluit tog om hierdie kans aan te gryp om haar oorlede man in die anderkant van die dood te gaan soek en hom – met die hulp van 'n sjarmante gids – terug te bring huis toe.

**Afrikaans • Geen o.10 OB, D • 80 min.**
**R230 (vooraf) • R210 (Vriende van die KKNK) • R255 (by die deur)**
**SANW-ouditorium**
**26 Maart 10:00 • 27 Maart 14:30 • 28 Maart 15:00 • 29 Maart 19:00 • 30 Maart 10:00**

## Op die kruin van Shôdeville

**DEBUUT**

**Drama**

*'n KKNK en Suidoosterfees ko-produksie, ondersteun deur die Jakes Gerwel Stigting en NATi*

MET **Kevin Smith, Reginald Hufkie en Donovan Pietersen** TEKS **Herschelle Benjamin en Reginald Hufkie** REGIE **Herschelle Benjamin** MUSIEK **Reginald Hufkie** VERHOOGBESTUURDER **Zander Naudé** VERVAARDIGER **Reimagine Theatre Co.**

Marvin keer terug na sy tuisdorp, Schauderville, waar hy vir een dag 'n tydjie saam met sy ou *race walking coach*, Uncle Smithie, kan spandeer. Hy was jare laas "innie Shôde", waar sy jonger broer, Malcolm, nog vasgevang is in die euwels van die gemeenskap. Hy en Uncle Smithie onthou die goeie ou dae van SA kampioenskappe en hoe 'n sport soos *race walking* deure vir hom oopgemaak het. Maar met elke geleentheid was daar baie opofferings… Waar Marvin sy drome in die vermaaklikheidsbedryf uitleef ná sy atletiekloopbaan, spook die verlede en sy broer se agteruitgang by hom. Wat gebeur as twee vervreemde broers weer ontmoet en die letsels van 'n gebroke huis tot erge nagevolge lei? Dié semi-outobiografiese sportdrama vra hoe mens op die kruin van sukses jouself kan loswikkel uit die kloue van jou verlede.

**Afrikaans • Geen o.13 T • 70 min.**
**R140 (vooraf) • R125 (Vriende van die KKNK) • R155 (by die deur)**
**Van Reedesaal**
**29 Maart 17:00 • 30 Maart 09:30 • 31 Maart 16:30**

## Ouma is op pad

**DEBUUT**

**Komedie**

MET **Margit Meyer-Rödenbeck en Coenraad Rall (klavier)** TEKS, REGIE EN MUSIEK **Jurgen Human** MUSIEKREGIE **Coenraad Rall** VERVAARDIGER **Arena Produksiehuis**

Ouma kom van Garies en soos meeste mense van daardie wêreld, is sy 'n formidabele vrou. In die Knersvlakte word jy nie groot met luukshede soos doekies omdraai nie. Sy het al twee mans begrawe, maar haar bure vermoed die laaste een het net ingesluimer. Met dié dat haar kleindogter nou in die Stad werk en sy nou en dan moet gaan kuier, kom Ouma agter daar's baie dinge wat sy nie ken nie. En "takt" is een van hulle.

**Afrikaans • Geen o.13 T • 70 min.**
**R170 (vooraf) • R150 (Vriende van die KKNK) • R190 (by die deur)**
**kykNET Hoërskoolsaal**
**28 Maart 10:00 • 29 Maart 13:00 • 30 Maart 16:30**

## Patmos

**DEBUUT**

**Drama**

*'n KKNK-produksie, ondersteun deur NATi*

MET **Tinarie van Wyk Loots, Marlo Minnaar, Eben Genis, René Cloete en Marelize Viljoen** TEKS **Willem Anker** REGIE EN ONTWERP **Jaco Bouwer** POPMAKERS **Andrico Goosen en Rocco Pool** ADVISEUR **Roshina Ratnam** MUSIEK **Pierre-Henri Wicomb** VERHOOGBESTUURDER **Nell van der Merwe** VERVAARDIGER **KKNK**

Die veelsydige skrywer en dramaturg Willem Anker keer ná tien jaar terug na die verhoog. 'n Klein dorpie met 'n sterrewag op die heuwel duskant 'n sluimerende vulkaan word getref deur 'n meteoriet. 'n Klein krater tussen die spekbome in die tuin. Die klippie sing wanneer jy daarop hamer. 'n Astronoom doen navorsing oor gravitasiekolke. Haar jong seun het ophou praat. 'n Komponis wat 'n klankbaan vir 'n wetenskapsfiksie-fliek maak, hoor van die singende klip en kom loseer by hulle om die klanke van die landskap op te neem. Drie mense drywend in die kosmos probeer mekaar vind. Hoe maak jy musiek vir 'n ruimteskip? Wat gebeur wanneer jy oor daardie finale

drempel van die gebeurtenishorison tree en in 'n gravitasiekolk ingly? Sedert *Samsa-masjien* het Anker se veelbekroonde romans *Buys: 'n Grensroman* en *Skepsel* verskyn.

**Afrikaans • Geen o.13 • 80 min.**
**R210 (vooraf) • R190 (Vriende van die KKNK) • R230 (by die deur)**
**SANW-ouditorium**
**25 Maart 13:00 • 27 Maart 19:00 • 28 Maart 10:00 • 29 Maart 10:00 • 30 Maart 15:00**

## Reünie

**Dramakomedie**

*'n Innibos-produksie, ondersteun deur NATi*

MET **Frank Opperman** TEKS **Dana Snyman** REGIE EN BELIGTINGSONTWERP **De Klerk Oelofse** PRODUKSIEBESTUURDER **Marie Vogts**

Dit is dieselfde skoolsaal, maar dis 40 jaar later, by die 1980-matriekgroep se reünie soos beleef deur Petrus Boshoff, die verteller. Die voormalige matrieks word gekonfronteer met die spoke van die verlede en 'n tragedie wat hulle 40 jaar gelede saam beleef het. Dana Snyman en Frank Opperman het al verskeie kere kragte saamgesnoer in die skep van solostukke: Dana met die pen en Frank op die verhoog. Met *Reünie* is die sterk regisseurshand van De Klerk Oelofse bygevoeg. Verwag dieselfde fyn spot, deernis en 'n tikkie nostalgie. *Reünie* was 'n topverkoper by Innibos in 2023.

**Afrikaans • Geen o.10 T • 70 min.**
**R210 (vooraf) • R190 (Vriende van die KKNK) • R230 (by die deur)**
**kykNET Hoërskoolsaal**
**23 Maart 10:00 • 24 Maart 16:30 • 25 Maart 13:00 • 26 Maart 13:00**

## Rooilug

**Drama**

MET **Jefferson J. Dirks-Korkee** TEKS, REGIE EN MUSIEKREGIE **Jefferson J. Dirks-Korkee** PRODUKSIEBESTUURDER **Karabelo Plaatjie** VERHOOGBESTUURDER **Nathaniel Mabote** VERVAARDIGERS **Opening Act NPC en Flipping the Scripts**

*Rooilug* is 'n solovertoning wat sosiale kwessies takel en stories vertel van die uitwerking van huishoudelike geweld, die patriargie, die verkragtingskrisis en diskriminasie op gesinne binne kleiner gemeenskappe in Suid-Afrika. Met 'n kinderstem aan die woord en talle karakters wat vertolk word, is dit soms komies, soms hartseer. Jefferson J. Dirks-Korkee is in 2019 benoem vir 'n kykNET-Fiësta vir *Rooilug*, asook 'n Woordtrofee van die Toyota US Woordfees vir beste produksie en beste akteur.

**Afrikaans • Geen o.13 OB, T • 60 min.**
**R160 (vooraf) • R145 (Vriende van die KKNK) • R175 (by die deur)**
**ATKV-Griesselsaal**
**23 Maart 18:00 • 24 Maart 13:30 • 25 Maart 10:00**

## Routrip

**Dramakomedie**

*Ontwikkeling moontlik gemaak deur die Toyota US Woordfees en NATi*

MET **Elzabé Zietsman** TEKS **Johann Slabbert** REGIE **Maralin Vanrenen** MUSIEK **Coenie de Villiers** VERVAARDIGER **Drama Drama**

Ná 'n mislukte selfdoodpoging en drie weke in 'n psigiatriese kliniek, pak Helena haar karretjie met een tas klere en bokse vol familie-items wat sy haar lewe lank bymekaarmaak – van 'n lappieskombers tot 'n alsiende glasoog. Met niks om te verloor nie, begin haar tragikomiese reis deur die land om haar versameling uit te deel en finaal van mense afskeid te neem. Gewapen met humor, ignoreer sy die wanhoop en leef sy vreesloos, vry en, op die oog af, sorgeloos. *Routrip* is gebaseer op 'n ware verhaal en is Elzabé Zietsman se eerste solotoneelstuk sedert Marita van der Vyver se *Dis koue kos, skat*. Benoem vir 'n Woordtrofee vir beste prestasie in 'n soloproduksie by die Toyota US Woordfees in 2023.

**Afrikaans • Geen o.13 OB, T • 90 min.**
**R180 (vooraf) • R160 (Vriende van die KKNK) • R200 (by die deur)**
**Van Reedesaal**
**23 Maart 15:00 • 24 Maart 13:00 • 25 Maart 16:00**

## See muur

**Drama**

*'n Toyota US Woordfees-produksie*

MET **Conradie van Heerden** TEKS **Simon Stephens** REGIE EN VERTALING **Nico Scheepers** VERHOOGBESTUURDER **Louw de Beer** VERVAARDIGER **NovieGuide**

*See muur* is 'n aangrypende stuk oor die onverbiddelike krag van verlies en rou. Alex se lewe word verbrysel deur 'n tragedie wat afspeel teen die pragtige dog ongenadige agtergrond van die see. Dié fyn, emosionele vertelling neem jou op 'n hartverskeurende reis met oomblikke van onverwagte humor. 'n Spookagtige en onvergeetlike ervaring. "*See muur* is 'n emosionele reis. Daar word besin oor smart, die rouproses, die bestaan al dan nie van God, oor vriendskap, liefde en ouerskap. Die stuk kan gelees word as 'n eerlike verkenning van menswees en tot watter uiterstes smart jou kan dryf." – Netwerk24

**Afrikaans • Gesin OB, T • 45 min.**
**R150 (vooraf) • R135 (Vriende van die KKNK) • R165 (by die deur)**
**Bibsaal**

**27 Maart 12:00 • 28 Maart 17:30 • 29 Maart 10:00 • 30 Maart 15:00**

## Su'walla Kassam

**FEESDEBUUT**

**Klug**

*Speelvak ondersteun deur die Johann Brink Trust. Oorspronklik ontwikkel vir die Première Teaterfees.*

MET **Abigail Cuyler, Abigail Jones, Angelo Bergh, Keagon Cochrane, Mikyall Harris, Matthew Dragner, Sharfa du Plessis en Shaneeq Meniers** TEKS **Mikyall David Harris** REGIE **Tamia Thompson** PRODUKSIEBESTUURDER **Mikyall Harris** STELONTWERP **Andrew Jones** VERHOOGBESTUURDER **Erin Francis** VERVAARDIGER **Vlakkie Productions**

Betree die Bo-Kaap se weergawe van *Romeo en Juliet*. Twee gesinne, verdeel deur godsdiens. 'n Gedeelde geheim tussen 'n salige pa en 'n godvresende ma, wat dreig om te ontrafel te midde van maskavi-gesprekke en die verwagtinge van die imam se koms. Misleiding, liefde, begeerte en familie-onenigheid heers in hierdie komiese warrelwind, waar die ondenkbare 'n werklikheid word. Sal die familiebande sterk genoeg wees om die verliefdes van mekaar te skei, of sal trane die pad van beide families bevlek? Dit is 'n aangrypende verhaal, waar die lot aan 'n draadjie in die kleurvolle strate van die Bo-Kaap hang. Bekroon met drie pryse by die US-dramadepartement se Première Teaterfees: beste akteur in 'n ondersteunende rol, beste aktrise in 'n ondersteunende rol en beste tegniese prestasie (stel en kostuums).

**Afrikaans en Engels • Geen o.13 T, S, N, D • 65 min.**
**R120 (vooraf) • R110 (Vriende van die KKNK) • R130 (by die deur)**
**Van Reedesaal**
**25 Maart 09:30 • 27 Maart 13:00 • 28 Maart 09:30**

## The Old Man Who Thought He Had a Dog

**Tragikomedie**

*Run supported by the Johann Brink Trust. Originally developed for the Première Theatre Festival.*

WITH **Merwe van Gent and Angelique Filter** SCRIPT, SOUND DESIGN AND PRODUCER **Angelique Filter** DIRECTOR **Angelique Filter, in collaboration with Jeanne-Marié Koekemoer and Merwe van Gent** COSTUMES **Angelique Filter and Jeanne-Marié Koekemoer** STAGE MANAGER **Jeanne-Marié Koekemoer**

Embark on a hilariously absurd train odyssey with a curmudgeonly old man, bound to break free from his melancholic monotony. Or perhaps consult his ever-perceptive canine companion. Encounter a captivating cast of peculiar yet strangely familiar individuals, from the enigmatic French conductor to the alluring prostitute. In this liminal realm, memories, dreams, desires, and haunting shadows converge, offering a chance to breathe life into what was lost. Prepare for a journey brimming with laughter, introspection, and the extraordinary. Winner of Best Production, Best Script, Best Director, and Best Leading Actor at the US Drama Department's Première Theatre Festival in 2023.

Vertrek op 'n skreeusnaakse, absurde treinreis saam met 'n knorrige ou man op sy soektog na bevryding van sy saai, melancholiese bestaan. Of raadpleeg dalk sy uitgeslape en betroubare metgesel – sy alomteenwoordige hond. Deel in sy ervarings met 'n spul wildvreemde, dog vaagweg bekende karakters, van die enigmatiese Franse treinkondukteur tot die verleidelike prostituut. In hierdie skaduwêreld word herinneringe, drome, begeertes en skimme byeengebring, en is daar weer 'n kans om lewe te blaas in dit wat verlore was. Maak jou reg vir 'n pelgrimstog vol humor, introspeksie en die buitengewone. Wenner van die beste produksie, beste teks, beste regie en beste akteur in 'n hoofrol by die US-dramadepartement se Première Teaterfees in 2023.

**English • No u.13 L • 55 min**
**R120 (vooraf) • R110 (Vriende van die KKNK) • R130 (by die deur)**
**ATKV-Griesselsaal**
**26 March 19:00 • 27 March 13:30 • 28 March 10:00**

## Tollie Parton: Hoe om oor jouself te kom

**Drag stand-up**

*Teksontwikkeling ondersteun deur die Toyota US Woordfees en NATi*

MET **Wynand Kotze** TEKS **Wynand Kotze en Nico Scheepers** MUSIEK **Loki Rothman**
Politiek – hoe moeilik kan dit wees? 'n Fopdosser in die parlement, is ons gereed? Kan ons oor onsself kom om dit moontlik te maak, of drink ons te veel pille? *Hoe om oor jouself te kom* is Tollie Parton se nuwe *show*, wat sy in samewerking met Nico Scheepers geskep het. 'n Humoristiese blik op die binnewerking van Tollie se brein en waarom sy besluit het om… ag, kom kyk. Tollie is nie vir fyngevoeliges nie. Haar skote is sterker as ooit en as jy braaf genoeg is om die uur deur te sit, wag daar 'n verrassing aan die einde. Jy weet? Ons almal soek mos 'n *happy ending*. En wie weet? Dalk het sy die oplossing? Dalk deel sy haar groot geheim. Snaaks en bietjie té eerlik!

**Afrikaans • Geen o.18 • 60 min.**
**R160 (vooraf) • R135 (Vriende van die KKNK) • R180 (by die deur)**
**Banketsaal**
**24 Maart 20:00 • 25 Maart 20:00**

## Trou Koek/Tert

**Komedie**

MET **Margo Kotze en Elmé Oosthuizen** TEKS EN VERVAARDIGERS **Margo Kotze en Kristin Pienaar** REGIE EN STELONTWERP **Kristin Pienaar** BELIGTINGSONTWERP **Stefan Benade**

Lui die trouklokke of beier dit? Koek en Tert staan op die vooraand van die groot dag, elk in 'n spierwit rok. Dit is skoonma's, *kitchen teas*, pampoenkoekies, blommerangskikkings en voorhuwelikse berading. Die lysies is nou afgemerk en die lewenspad is gekarteer. Is dit normaal om so warm te kry op 'n koel lenteaand? Daar is 'n klop aan die deur. Dis Adriaan. Twee trourokke, een bruidegom, maar net een bruid stap môre by die paadjie af. *Trou Koek/Tert* is 'n skerpsinnige verkenning van sosiale waardes rondom liefdesverhoudinge, die huwelik en verwagtinge.

**Afrikaans • Geen o.13 T • 50 min.**
**R140 (vooraf) • R125 (Vriende van die KKNK) • R155 (by die deur)**
**Bibsaal**
**27 Maart 17:30 • 28 Maart 13:30 • 29 Maart 17:30 • 30 Maart 12:30**

## Veelhoek

**DEBUUT**

**Drama**

*'n KKNK-produksie, moontlik gemaak deur NATi*

MET **Jana Cilliers en Ludwig Binge** REGIE EN ONTWERP **Marthinus Basson** TEKS **Jana Cilliers** PRODUKSIEBESTUURDER **Anna Davel** BELIGTINGSONTWERP EN VERHOOGBESTUURDER **Nicolaas de Jongh** VERVAARDIGER **KKNK**

Barnard Gilliland se niggie Jana Cilliers hunker na 'n gesprek met hom. Sy onthou hom skaars. Sestig jaar gelede sterf hy op die vroeë ouderdom van 24 toe die wiel van sy motor bars. Hy was gereken as hoogs belowend. Kort na sy dood verskyn sy debuutbundel *Veelhoek.* Gilliland se rou en verrassend vars uitroep na die sin van die lewe in sy praatvers *Skipbreukelinge*, staan teenoor Cilliers se skrywe wat hunker na iets soortgelyks binne 'n teaterkonteks. Haar begrip van sterflikheid as ouerwordende aktrise, ontvou binne 'n intieme gesprek tussen haar neef en haarself oor die mens se veelhoekige bestaan hier op aarde. Sy besin nie oor 'n lewe na die dood nie, eerder die versoening wat kan plaasvind deur 'n bereidwilligheid om op te hou lewe. Deur die lewendige oomblik steeds bestaande in die teater, speel hul gesprek uit binne hul bloedlyn en verby tyd.

**Afrikaans • Geen o.13 OB • 60 min.**
**R200 (vooraf) • R180 (Vriende van die KKNK) • R220 (by die deur)**
**Van Reedesaal**
**23 Maart 10:00 • 24 Maart 17:30 • 25 Maart 20:00 • 26 Maart 09:30 • 27 Maart 17:00 • 29 Maart 09:30**

## Vleis/Meat

**DEBUUT**

**Satire**

MET **Des-Lee McKenzie** TEKS **Des-Lee McKenzie**

*Vleis/Meat* gee jou al die post-pandemic vibes. Dis Amorè met haar TikTok lives en haar "get ready with me story times". Sy is meer woke, maar steeds problematic. In die era van influencers en hul parasocial verhouding met hul aanhangers, gee dit 'n nuwe definisie aan die woord oversharing wanneer ons hoor van hul "dating horror stories". Die radio het dalk grense, maar *Vleis/Meat* het geen. Vanaf BDSM tot alpha male podcasts, *Vleis/Meat* het iets vir almal om aan te kou. Die teks is ontwikkel as deel van die KKNK se Tekstmarkt-projek, ondersteun deur die Nederlandse ambassade in Suid-Afrika, die Performing Arts Fund NL, Dutch Culture en NATi.

**Afrikaans en Engels • Geen o.16 T, V • 65 min.**
**R140 (vooraf) • R125 (Vriende van die KKNK) • R155 (by die deur)**
**Bibsaal**
**23 Maart 13:30 • 24 Maart 17:30 • 25 Maart 10:00 • 26 Maart 13:30**

## Vuisvoos, maar nog regop: Suid-Afrika 2024

**Komedie**

MET **Marianne Thamm**

Sluit aan by die ervare ondersoekende joernalis Marianne Thamm, adjunkredakteur van die *Daily Maverick*, vir 'n skreeusnaakse kaalvuisgesprek oor ons Suid-Afrikaanse demokrasie met al sy absurditeite. En maak gereed vir 2024 wanneer dinge net beter of dalk nóg vreemder kan word.

Join veteran investigative journalist Marianne Thamm, currently Associate Editor of the *Daily Maverick*, for an evening of conversation celebrating the strengths of South Africa's democracy. Get ready for 2024 when things can only get better.

**Afrikaans • Geen o.16 • 60 min.**
**R175 (vooraf) • R160 (Vriende van die KKNK) • R195 (by die deur)**
**ATKV-Griesselsaal**
**26 Maart 13:30 • 27 Maart 19:00 • 28 Maart 13:30**

# STAND-UP

**Proesstroop vir pap/onfikse lagspiere. Neem daagliks.**

As daar een ding is waaroor Suid-Afrikaners wel saamstem, is dat humor die beste doepa is om te oorleef. Iets in dier voege van: "It's a funny country, my broe." En deesdae het ons dié doepa in groot dosisse nodig. Vanjaar draai die KKNK die lagkrane behoorlik oop met proesstroop vir pap en onfikse lagspiere, toegedien deur uiteenlopende topkomediante en 'n stand-up-aanbod soos nog nooit vantevore nie. Sluit by ons aan in die Netwerk24-feeskafee vir die beste lagterapie. Lees meer oor die aanbod hier onder en maak seker jy sien ook *Kekkelkliniek*, een eksklusiewe optrede met 'n hele paar grapmakers saam op een verhoog.

**Daagliks in die Netwerk24-feeskafee**

## Ambrose Uren: African-ish – Hy ken die waarheid, maar hy sal dit dalk vergeet

**Stand-up**

WITH **Ambrose Uren**

South African standup comedian Ambrose Uren shares his uniquely controversial story in this comedy show filled with unexpected silly twists. From failing his driver's license six times, to living today in a static caravan he calls home. He navigates his pain using humour and raw honesty. Come and bear witness to the hilarity as this charming comedian challenges his own African-ishness, using sharp wit and engaging storytelling.

Die Suid-Afrikaanse komediant Ambrose Uren deel sy unieke en omstrede storie in hierdie komedievertoning, vol onverwagse en lawwe kinkels. Hy vertel van sy bestuurslisensie wat hy ses keer gedop het tot sy lewe vandag in 'n karavaan, wat hy sy huis noem. Hy stuur deur sy pyn met humor en rou eerlikheid. Kom geniet die skreeusnaakse wyse waarop dié bekoorlike komediant sy eie Afrika-identiteit uitdaag, met skerpsinnigheid en boeiende storievertelling.

**English with Afrikaans • No u.13 L • 60 min**
**R100 (vooraf) • R80 (Vriende van die KKNK) • R120 (by die deur)**
**Netwerk24-feeskafee**
**23 March 18:30 • 25 March 20:00 • 26 March 20:00**

## Conrad Koch: Despicable HeHe – Die pop sal dans

**Stand-up**

WITH **Conrad Koch**

Deadly funny and monstrous laughs, this rollercoaster ride of puppets and comedy will have you rolling in the aisles. Conrad Koch, South Africa's world-touring comedy ventriloquist, and Chester Missing, that rabble rouser *pop* you've seen on TV, bring their newest hour of hilarity. Including old favourites, Mr Dixon (*hoërskool onderwyser*), and Hilton (party *volstruis*), you'll also meet Gunter the German tour guide mosquito, and the world's most dangerous dummy, Vladimir Putin, Vampire. *Kekkel* when we turn your friend into a talking chicken live on stage. With over 100 million views on TikTok alone, this is not to be missed. "Frenzied hilarity" – The List UK. "Brings the roof down" – The Independent UK. "Hilarious" – Mail & Guardian. "Ventriloquism at its very best" – The Star.

'n Wipwaentjierit met poppe en komedie wat soms gevaarlik snaaks is wat jou gaan laat brul van die lag. Conrad Koch, Suid-Afrika se internasionaal bekende buikspreker, en Chester Missing, die einste uitgesproke pop wat jy al op televisie gesien het, gaan gehore vir 'n uur vermaak. Ou gunstelinge soos die hoërskoolonderwyser mnr. Dixon en die partytjie-volstruis Hilton maak 'n verskyning, saam met Gunter, die Duitse toergidsmuskiet, en die wêreld se gevaarlikste pop, Vampier Vladimir Putin. Jy gaan kraai van die lag wanneer ons jou beste vriend op die verhoog in 'n pratende hoender verander. Met die video's op TikTok wat meer as 'n 100 miljoen keer gekyk is, is hierdie 'n vertoning wat jy nie kan misloop nie. "Frenzied hilarity" – The List (VK). "Brings the roof down" – *The Independent* (VK). "Hilarious" – *Mail & Guardian*. "Ventriloquism at its very best" – *The Star*.

**English with Afrikaans • No u.13 L • 60 min**
**R100 (vooraf) • R80 (Vriende van die KKNK) • R120 (by die deur)**
**Netwerk24-feeskafee**
**23 March 12:30 • 24 March 12:30 • 25 March 15:30 • 26 March 18:30**

## Dalin Oliver: 90 Day Comedian – Êrens, maar nêrens

**Stand-up**

WITH **Dalin Oliver**

Dalin Oliver's brand-new show, *90 Day Comedian* is a fresh take on life in South Africa, after he spent more time abroad. He celebrates our nation and people – a melting pot of diversity that can be found nowhere else in the world. We are like a trifle that's filled with layers and layers of authenticity and delicious flavours. He is taking to the stage at Fringe World 2024 in Perth, with gags tight enough to get past border control and punchlines that hit harder than the exchange rate between the Rand and Australian Dollar. He debuted the show during his 2023 five city tour Down Under, leaving locals in Perth, Brisbane, the Gold Coast, Sydney, and Melbourne begging for more. He also performed to full houses during his run at the Artscape in Cape Town. Find out why we love Mzansi even though it keeps trying to take away our power daily – literally.

Dalin Oliver bied in sy splinternuwe vertoning, *90 Day Comedian*, 'n vars blik op die lewe in Suid-Afrika nadat hy meer tyd in die buiteland deurgebring het. Hy vier ons nasie en sy mense – 'n hutspot van diversiteit wat jy nêrens anders in die wêreld gaan vind nie. Oliver reken ons is soos 'n koekstruif gevul met lae en lae van egtheid en heerlike geure. Hy was op die verhoog te sien by die komediefees Fringe World 2024 in Perth met grappe slim verpak om verby doeane te kom en trefreëls wat harder slaan as die wisselkoers tussen die rand en die Australiese dollar. Die debuut van die vertoning was in 2023 tydens sy toer van vyf stede Doer Onder, wat inwoners in Perth, Brisbane, die Goudkus, Sydney en Melbourne laat vra het vir meer. Hy het vol sale gelok met sy vertonings in die Kunstekaap in Kaapstad. Vind uit waarom ons so lief is vir Mzansi, al probeer die land letterlik daagliks om ons van ons krag te ontneem.

**English with Afrikaans • No u.13 L • 60 min**
**R100 (vooraf) • R80 (Vriende van die KKNK) • R120 (by die deur)**
**Netwerk24-feeskafee**
**27 March 20:00 • 29 March 20:00 • 30 March 15:30 • 31 March 12:30**

## Dik Deurmekaar

**Stand-up komedie**

MET **Mel die Storieverteller** TEKS EN VERVAARDIGER **Melanie du Toit**
MUSIEK **Wesley West**
OPERASIONELE BESTUURDER **Ronald Welgemoed**

Mel die Storieverteller is waarskynlik een van die grootste deurbraak-komediante van 2023. Van internetsensasie tot verhoogsensasie verras sy gehore en laat hulle lê van die lag. *Dik deurmekaar* is haar tweede komiese stuk wat die grense tussen stand-up en 'n verhalende eenvrouvertoning laat vervaag. Sy gesels en vertel van die eerste keer toe sy die sensasie van deurmekaargeit ervaar het in Juffrou Draak se klas en hoe sy die res van haar skooljare toe maar begin vrede maak het met die feit dat alles, veral matriekafskeide en haarstyle, 'n hengse deurmekaarspul is. Mel lewer ook haar komiese mening oor die onverstaanbare obsessie met visvang en ander mense se seksuele oriëntasies. Mel se stories slaan jou met die waarheid, maar dis 'n sagte hou, verbloem in interessante staaltjies en onverwagse kwinkslae.

**Afrikaans • Geen o.13 T • 60 min.**
**R130 (vooraf) • R110 (Vriende van die KKNK) • R150 (by die deur)**
**Netwerk24-feeskafee**
**23 Maart 17:00 • 24 Maart 15:30 • 25 Maart 17:00**

## KG Mokgadi: Weighing In

**Stand-up**

WITH **KG Mokgadi**
MET **KG Mokgadi**

Multi-award-winning stand-up comedian Kagiso KG Mokgadi makes his debut KKNK performance in 2024 and it promises to be one to remember. The heavyweight comic with knockout gags comes to this year's festival armed to the teeth with punchline after punchline and promises rib cracking jokes that will have you on the floor with laughter. Mokgadi is a definite must see at KKNK. Don't miss him.

Die veelbekroonde komediant Kagiso KG Mokgadi is vir die eerste keer by die KKNK te sien en hierdie optrede beloof om een te wees wat nog lank onthou gaan word. Hierdie swaargewig-komediant met sy trefseker-staaltjies is op pad na die fees met trefreël op trefreël en hy beloof om jou te laat skaterlag. Moenie die kans verspeel om Mokgadi by die KKNK te siene te kry nie.

**English with Afrikaans • No u.13 L • 60 min**
**R100 (vooraf) • R80 (Vriende van die KKNK) • R120 (by die deur)**
**Netwerk24-feeskafee**
**27 March 18:30 • 28 March 20:00 • 30 March 20:00 • 31 March 14:00**

## Kate Pinchuck & Lindy Johnson: Fizz Pop – Krulkoppe

**Stand-up**

WITH **Lindy Johnson and Kate Pinchuck**
MET **Lindy Johnson en Kate Pinchuck**

Award-winning comedians Lindy Johnson and Kate Pinchuck have no less Frizz or Pop, but many more debit orders to tell you about in this brand-new comedy experience. *Frizz Pop* has turned 30 and brings all the tax related, deep heat smelling and price of groceries to this hilarious show (they haven't written it yet, but they have a lot of faith in themselves).

Die bekroonde komediante Lindy Johnson en Kate Pinchuck het nie minder Frizz of Pop nie, maar baie meer debietorders om jou van te vertel in hierdie splinternuwe komedie-ervaring. *Frizz Pop* is nou 30 jaar oud en is 'n bruisende mengelmoes waarin kwessies rondom belasting, die reuk van Deep Heat en die prys van kruideniersware op 'n skreeusnaakse manier getakel word. En hulle maak weer so in hul jongste vertoning (wat hulle nog nie geskryf het nie, maar hulle het baie vertroue in hulself).

**English with Afrikaans • No u.13 L • 60 min**
**R100 (vooraf) • R80 (Vriende van die KKNK) • R120 (by die deur)**
**Netwerk24-feeskafee**
**27 March 15:30 • 28 March 18:30 • 29 March 15:30 • 30 March 18:30**

## Marc Lottering: So I Wrote That Musical

**Stand-up**

MET **Marc Lottering**

*So I Wrote That Musical*, Marc Lottering se jongste stand-up-vertoning, het reeds in 2023 'n baie suksesvolle en bekroonde nasionale toer gehad. Benewens die feit dat hy een van Suid-Afrika se topkomediante is, het hy ook reeds drie treffer-musiekblyspele geskryf, wat vir die rolverdeling betrokke tot verskeie benoemings vir teaterpryse gelei het, met Marc wat uiteindelik 'n Naledi-prys as beste akteur gewen het. In hierdie stand-up-vertoning besin hy oor die prosesse om tussen die wêrelde van stand-up en musiekblyspele te beweeg. En soos te wagte is, sal hy sy verregaande menings oor die waansin van die lewe in Suid-Afrika vandag op 'n komiese en skerp manier daarby inwerk.

*So I Wrote That Musical* is Marc Lottering's current stand-up show which has enjoyed a critically acclaimed national tour in 2023. In addition to being one of South Africa's top comedians, he has also penned three hit musicals, earning the cast numerous theatre award nominations, with Marc going on to win a Naledi Award for Best Actor. In this stand-up show he reflects on the process of moving between the worlds of stand-up comedy and musicals. And as is to be expected, he will weave in his outrageous views on the madness of current South African life.

"…Marc Lottering reaffirms his status as South African Comedy Icon…" – Xola Speelman, The Konvenient

"…a masterful stand-up show…skilful storytelling and razor-sharp wit…" – The Something Guy

"…audience members shrieking with such unabated laughter that they have to reapply their lipstick during the show…" – Robyn Sassen, My View

**Engels met Afrikaans • Geen o.13 T • 60 min.**
**R160 (vooraf) • R150 (Vriende van die KKNK) • R190 (by die deur)**
**kykNET Hoërskoolsaal**
**29 Maart 19:00 • 30 Maart 19:00**

## Stuart Taylor: Laughable

**Stand-up**

WITH **Stuart Taylor**
MET **Stuart Taylor**

Stuart Taylor returns with his quintessential mix of hilarious stories and witty punchlines in *Laughable*. Everything in his life is fair game: from his other half to his offspring, trying to stay fit in his forties, and keeping up with the Joneses (or the Jabulanis or the Jaffers) in the suburbs. You'll be "able" to laugh at it all (see what we did there?). So, in a world filled with traffic jams, potholes and loadshedding, don't worry, because laughter is here to save the day, or at least distract us from the tough stuff. Get laugh-ready, laugh-willing and Laugh-able with Stuart at the KKNK in 2024.

Stuart Taylor keer terug met sy kenmerkende kombinasie van skreeusnaakse stories en spitsvondige trefreëls in *Laughable*. Alles in sy lewe loop deur: Van sy wederhelfte tot sy kinders, van sy pogings om fiks te bly in sy veertigs tot om te probeer tred hou met die Jones'e (of die Jabulani's of die Jaffers) in die voorstede. Jy gaan alles lagwekkend vind. Want in 'n wêreld vol verkeersknope, slaggate en beurtkrag is ons steeds daartoe in staat om te lag, want jy kan nie bekostig om jou humorsin te verloor nie. En Stuart staan gereed om die lagspiere by die KKNK in 2024 te kielie.

**English with Afrikaans • No u.13 L • 60 min**
**R100 (vooraf) • R80 (Vriende van die KKNK) • R120 (by die deur)**
**Netwerk24-feeskafee**
**23 March 15:30 • 24 March 20:00 • 25 March 18:30**

## Yaaseen Barnes: Concentrate – A bietjie van (m)alles

**Stand-up**

WITH **Yaaseen Barnes**

A collection of ideas, thoughts, and jokes from the busy mind of multi-award-winning comedian, Yaaseen Barnes. In a time where we are blasted with new information every moment of every day, focusing on the essentials is difficult, adding ADHD to the mix is a recipe for comedic mayhem. The world is burning, all we can do is laugh.

'n Reeks idees, gedagtes en sketse uit die woelige kop van die multibekroonde komediant Yaaseen Barnes. In 'n tyd waarin ons elke oomblik van elke dag oorlaai word met nuwe inligting, is dit moeilik om op noodsaaklikhede te fokus. Voeg ADHD hierby en jy het vir seker 'n heerlike mengsel vir komiese chaos. Die wêreld is aan die brand – al wat ons kan doen, is om te lag.

**English with Afrikaans • No u.13 L • 60 min**
**R100 (vooraf) • R80 (Vriende van die KKNK) • R120 (by die deur)**
**Netwerk24-feeskafee**
**23 Maart 20:00 • 24 Maart 18:30 • 26 Maart 15:30**

# TELEVISIE

**Koppieklets bousels vir elke belangstelling. Gebruik daagliks meermaal.**

## Plan B

**Bekendstelling**

MET **onder andere Arnold Vosloo en Tim Theron**

Woon die eksklusiewe bekendstellingsgeleentheid van kykNET se splinternuwe dramareeks *Plan B*, met Hollywood-akteur Arnold Vosloo as een van die vele bekendes in die reeks, by. Dié reeks, wat op die meestermisdaadskrywer Deon Meyer se karakters gegrond is, speel af in die wêreld van kunsdiefstal en swendelaars – mans wat weerlose vroue op soek na liefde met slinkse planne uitbuit. *Plan B* se draaiboek is geskryf deur die Hertzog-pryswenner Tertius Kapp.

**Afrikaans • Geen o.16 G • 120 min.**
**R90 (vooraf) • R80 (Vriende van die KKNK) • R100 (by die deur)**
**Absa Burgersentrum**
**26 Maart 18:00**

## KAROO KAARTE

**Herinnerolie vir onthou en koester. Neem gereeld, luister en vertel oor.**

**Multidissiplinêre gemeenskapsprogram**

*'n KKNK-projek, ondersteun deur die Jannie Mouton-stigting, Het Jan Marais Nationale Fonds, NATi, die Wes-Kaapse regering en die Oudtshoorn-munisipaliteit*

**MET kernspan van Tiffany Saterdaght, Theo (Oom Japsnoet) Witbooi, Colin Meyer, Diano October, Melikhaya Blou, Charissa Essau, Jermaine Bruintjies, Chantell Phillipus, Zietske Saaiman, Shandré Harris en inwoners van Oudtshoorn FASILITEERDERS Neil Coppen en Vaughn Sadie**

*Karoo Kaarte* is 'n grensverskuiwende multidissiplinêre kunsteprogram wat sedert 2021 op Oudtshoorn lewe kry.

"*Karoo Kaarte* se sukses lê daarin dat dit bestuur word deur mense wie se harte en arms oopstaan om almal van die gemeenskap wat wil deelneem te betrek." – Diane de Beer, gerekende resensent

Dié veelbekroonde gemeenskapsprojek se kern draai rondom Oudtshoorn-stories wat nie voorheen vertel of gedokumenteer is nie. Stories oor persoonlike ruimtes, herinneringe uit kinderdae en tradisionele kennis van dié Klein Karoo-dorp en sy mense. 'n Lewende argief word deur alle deelnemers aan die opwindende projek saamgestel en 'n platform word geskep wat plaaslike talent na die voorgrond bring, om die nasionale kollig te verbreed en kunstenaars uit eie bodem in te sluit.

Teater en visuele kuns word as kreatiewe prosesse ingespan, ondersteun deur *Karoo Kaarte* se navorsing en argief, om 'n spesiale program vir die KKNK saam te stel. Hierdie inhoud het oor die afgelope twee feeste harte gesteel met herinneringe, drome en kinderspeletjies eie aan Oudtshoorn-inwoners.

Op Oudtshoorn verwys "om kaarte te sny" na gesels en die vertel van ernstige en lighartige stories. Die naam *Karoo Kaarte* sinspeel op dié dubbele betekenis van kaarte in die Oudtshoorn-streekstaal.

*Karoo Kaarte* is reeds talle kere bekroon, onder meer met die BASA IDC Community Development-prys (2023), die Wes-Kaapse kuns-en-kultuur-prys vir mees innoverende kunstefees (2023) en die KKNK Herrie-prys vir innovasie of grensverskuiwende werk (2023 & 2022). *Karoo Kaarte* is benoem vir vier Pendorings (2023) en dié projek se teaterproduksies, *Droomkraan Kronieke* (2023) en *Op hierie dag* (2022), is vir meer as tien KKNK Kannas en vyf kykNET Fiëstas benoem. Die ensemble van *Droomkraan Kronieke* is met die Woordtrofee vir beste ensemble by die Toyota US Woordfees in 2023 bekroon.

*Karoo Kaarte*, saam met talle inwoners wat aan die navorsing deelgeneem het, betrek Oudtshoorn-gebaseerde visuele kunstenaars, digters, skrywers, kunstenaars, inheemse kennisdraers, musikante, leerders, onderwysers en aktiviste om vir die derde jaar inhoud dwarsdeur die fees en oral op die dorp aan te bied vir 'n herinterpretasie van die afgelope jare se navorsing.

Die *Karoo Kaarte*-span is opgewonde om 'n program by die KKNK aan te bied, wat twee kunsuitstallings, 'n grafiese roman, 'n muurskildery, staptoere met begeleiding van die *Karoo Kaarte*-app en 'n splinternuwe plekspesifieke teaterproduksie saans by die eens fabelagtige, maar nou vervalle Oudtshoorn-spoorweg insluit.

## LUCKY PAKKIE

**Kultuur gekonsentreerde inspirasie. Gebruik elke dag vir 9 dae.**

Lucky Pakkie-teater het iets vir almal se smaak. Dit werk nés die *lucky packets* waarmee jy grootgeword het – die inhoud is hoogs geheim. Ons het ver en wyd gesoek om vir jou 'n mengelmoeskardoes van alternatiewe teater en talent te bring. Kies uit drie Lucky Pakkies: Melkbaard, Sagtebaard of Hardebaard. Elke Lucky Pakkie bestaan uit vier vertonings van 15 minute elk. Kies jou *vibe* en vertrou ons met die res.

**Melkbaard (nie kinderteater nie, maar wel gesinsvriendelik) Daagliks 11:00 • Sagtebaard (ouerbegeleiding word aanbeveel) Daagliks 14:00 • Hardebaard (geen o.16) Daagliks 17:00**
**70 min.**
**R115 (vooraf) • R105 (Vriende van die KKNK) • R120 (by die tent) • R60 (kinders onder 13 vir Melkbaard)**
**Baron van Reedestraat (oorkant die Queen's Hotel by BON Hotels)**

# DANSTEATER

**Dansdoepa vir aanhou beweeg. Merke, gereed, fees!**

## Joburg Ballet: SCARCITY

**FEESDEBUUT**

**Ballet**

*Ondersteun deur AE Switch en die Johannesburg-metro, met die vervaardiging van* Azul *vir Joburg Ballet ondersteun deur die Nederlandse Ambassade en Spaanse Ambassade.*

MET **Joburg Ballet** CHOREOGRAFIE **Jorge Pérez Martinez, Dada Masilo en Hannah Ma** BELIGTINGSONTWERP **Simon King en Berry Claassen** PRODUKSIEBESTUURDER **Vanessa Nicolau** VERVAARDIGER **Joburg Ballet**

Joburg Ballet se *SCARCITY* is 'n opwindende trio van werke wat een Suid-Afrikaanse première en twee wêreldpremières insluit. Skaarsheid is iets waaraan baie Suid-Afrikaners gewoond geraak het, hetsy weens 'n gebrek aan dienslewering in die stedelike konteks of 'n verlies aan waardigheid. Hierdie werke neem die sosiale konteks van ons lewens in oënskou en verken die gebrek aan natuurlike en materiële hulpbronne, asook die verlies aan geheue, aan identiteit en aan die self. Vir *SCARCITY* skep die Duitse choreograaf Hannah Ma *The Void*, terwyl die ikoniese Suid-Afrikaanse choreograaf en danser Dada Masilo haar eerste werk vir Joburg Ballet skep, naamlik *Salomé*, geïnspireer deur die teaterstuk deur Oscar Wilde. Die derde ballet is die eerste Suid-Afrikaanse opvoering van *Azul* deur Jorge Pérez Martínez – 'n Spaanse choreograaf wat in Nederland gebaseer is – getoonset op musiek vir klassieke kitaar.

Joburg Ballet's *SCARCITY* is an exhilarating trio of works showcasing one South African premiere and two world premieres. Scarcity is something many South Africans have become accustomed to, whether through a lack of service delivery within the urban context or a loss of dignity. These works interrogate the social context of our lives and explore the absence of natural and material resources and the loss of memory, identity, and self. For *SCARCITY*, German-based choreographer Hannah Ma created *The Void* while iconic South African dance maker Dada Masilo's first work for Joburg Ballet, *Salomé*, is inspired by the play by Oscar Wilde. The third ballet is the first South African staging of Dutch-based choreographer Jorge Pérez Martínez's *Azul* set to music for the classical guitar.

**Nie-verbaal • Gesin • 80 min.**
**R250 (vooraf) • R225 (Vriende van die KKNK) • R275 (by die deur)**
**Absa Burgersentrum**
**27 Maart 11:00 • 28 Maart 10:00**

## Set in Motion

**Dansteater**

*Ontwikkel met ondersteuning van die Kaapstad-metro*

**MET** Figure of 8 Dance Collective
**REGIE** Grant van Ster
**CHOREOGRAFIE** Figure of 8 Dance Collective **TEKSGREPE** Nico Scheepers **STEL & KOSTUUMONTWERP** Carin Bester
**BELIGTINGSONTWERP** Andi Colombo
**KLANKONTWERP** Shaun Oelf
**OORSPRONKLIKE MUSIEK** Franco Prinsloo **PRODUKSIE- EN VERHOOGBESTUURDER** Marie Vogts

*Set in Motion* ondersoek die lewe se onverwagse draaie en ompaaie, asook die uitwerking daarvan op ons. Daar word gespeel met oomblikke van pyn, verwarring, hoop en geluk. Dit kyk hoe die lewe ons in verskillende rigtings kan trek en soms kan kelder om ten volle te leef. "A body in motion will stay in motion, and a body at rest will stay at rest. Unless an external force changes something." Daar is altyd interne en eksterne faktore betrokke in hoe ons die lewe benader – redes vir ons hartseer, vreugde, nostalgie of herinneringe. Baie mense voel nou oorweldig deur die lewe. Dié produksie ondersoek wat die lewe mooi maak en laat die gehoor die teater verlaat met nuwe insette oor die lewe en hul eie lewe. 'n Mens voel gereeld of die lewe buite beheer raak, maar as jy net vir 'n oomblik stil word en kalm kyk na wat aangaan, sal jy jou doel vind en tot ruste kom.

*Set in Motion* investigates the internal and external forces that pulls us in various directions and sometimes even hinders our ability to live life to the fullest. "A body in motion will stay in motion, and a body at rest will stay at rest. Unless an external force changes something." It looks at the many unexpected twists and turns that life takes us on, that can make us feel as if we are caught in a web. It touches on life-altering events, but also minor moments that can have opposite outcomes from extreme exhaustion, pain, and confusion, but also hope and happiness. Many people often feel as if their lives are spinning out of control, but if one creates enough motion and explore our own curiosities, we will find the proper resting place and our purpose along with it.

**Afrikaans en Engels • Gesin • 60 min.**
**R140 (vooraf) • R125 (Vriende van die KKNK) • R155 (by die deur)**
**NATi-Gimsaal**
**25 Maart 10:00 • 26 Maart 10:00**

# MUSIEK

**Musiekmoetie vir jeukvoete en ongestimuleerde ore. Dien mildelik toe, soggens, smiddags en saans.**

## Aanskou die mens

**DEBUUT**

**Klassieke musiek, kontemporêre musiek, woordkuns en improvisasie**

MET **Winand Grundling (orrel) en Johann Nel (verteller)** TEKS EN VERVAARDIGER **Erns Grundling** REGIE **Winand Grundling**

Winand Grundling, bekroonde orrelis en wenner van drie Kanna-pryse, improviseer op die orrel aan die hand van groot nuusgebeure in die geskiedenis, waaronder die Hindenburg-lugramp, die atoombomaanval op Hirosjima, die maanlanding, Nelson Mandela se vrylating, die Springbokke se eerste Wêreldbeker-oorwinning, die dood van prinses Diana, die gebeure van 9/11 en die Covid-19-pandemie. Die geliefde akteur en stemkunstenaar Johann Nel dra die destydse brekende nuus van die spesifieke gebeurtenis voor, waarna bekende temas op die orrel geïmproviseer word. Dié kombinasie sorg vir 'n intense en emosionele musiekreis deur ons onlangse geskiedenis wat ook die orrel se relevantheid as 'n "kommentator" op groot nuusgebeure beklemtoon. 'n Wye reeks van musiek word ingesluit – van klassiek tot kontemporêr.

**Afrikaans • Gesin • 75 min.**
**R200 (vooraf) • R180 (Vriende van die KKNK) • R220 (by die deur)**
**NGK Park**
**29 Maart 17:00**

## Amanda Strydom: Hoe ons voel

**Musiekteater**

MET **Amanda Strydom, Coenraad Rall (klavier) en Frank Freeman (kitaar)** TEKS **Amanda Strydom** REGIE **Amanda Strydom en Saartjie Botha** MUSIEKREGIE **Coenraad Rall** MUSIEK **Johannes Kerkorrel, Amanda Strydom en Koos du Plessis** VERVAARDIGER **Amanda Strydom**

Johannes Kerkorrel 22 jaar later. Nooit vergete. Amanda Strydom skryf 'n brief vir en bring hulde aan haar vriend Ralph Rabie. Ervaar sy bekende liedjies in 'n nuwe lig – die ander sy van 'n ikoon wat ons te vroeg verloor het. Pianis Coenraad Rall en kitaarmaestro Frank Freeman skilder saam met Strydom 'n musieklandskap vir hierdie aangrypende produksie. Amanda en Ralph, beter bekend as Johannes Kerkorrel, was vir 23 jaar lank vriende. In 'n persoonlike brief skryf Strydom aan Rabie en gedenk die 22ste jaar van sy dood. *Hoe ons voel* is benoem vir die Woordtrofee vir beste solo- of duo-musiekuitvoering by die Toyota US Woordfees in 2023. Strydom het dié produksie in opdrag van die Universiteit Stellenbosch Musiekindaba geskryf.

**Afrikaans • Geen o.13 OB • 70 min.**
**R250 (vooraf) • R225 (Vriende van die KKNK) • R275 (by die deur)**
**Absa Burgersentrum**
**28 Maart 19:00 • 30 Maart 14:00**

## Amanda Strydom: 'n Vuur gevang in glas

**Literêre kabaret**

MET **Amanda Strydom en Coenraad Rall (klavier)** TEKS **Hennie Aucamp en Amanda Strydom** REGIE EN VERVAARDIGER **Amanda Strydom** MUSIEKREGIE **Coenraad Rall**

Amanda Strydom lewer met hierdie vertoning 'n kragtoer met die werke van haar mentor, Hennie Aucamp, die vader van Afrikaanse kabaret. Aucamp is op 20 Maart 2014 oorlede en hierdie vertoning is Strydom se eerbetoon aan haar meester tien jaar ná sy dood. Aucamp se liedtekste is getoonset deur Strydom, Lize Beekman en die gelyknamige album is in 1998 benoem vir 'n Sama-prys vir beste klankbaan in 'n musiekblyspel. Strydom vertolk ook verskeie monoloë en liedjies uit Aucamp se pen – die resultaat: egte literêre kabaret.

**Afrikaans • Geen o.13 OB, T, S • 70 min.**
**R250 (vooraf) • R225 (Vriende van die KKNK) • R275 (by die deur)**
**Banketsaal**
**27 Maart 19:00 • 29 Maart 15:30**

## André Schwartz: Any Dream Will Do – My pad met Webber

**Musiekteater**

MET **André Schwartz, Mauritz Lotz (kitaar) en Dawid Boverhoff (klavier)** TEKS **André Schwartz** REGIE **Matthew Counihan** MUSIEKREGIE **Bryan Schimmel** MUSIEK **Andrew Lloyd Webber** STELONTWERP **Dennis Hutchinson** VERVAARDIGER **André Schwartz Marketing**

Gestroop en rou. Waar begin en eindig drome? Wat doen jy as die kleure van jou lewensjas verander? Sedert *Phantom of the Opera* is daar 'n persepsie dat André Schwartz en Andrew Lloyd Webber kuiermaats is. Die storielyn is 'n vertelling wat hierdie wisselwerking deur musiek en gesprek ontgin. Lewenslesse word deur die musiekervarings gedeel. Liedjies soos "Any Dream Will Do", "Love Changes Everything", "You Must Love Me", "Send in the Clowns", "Music of the Night", "Memory" en "Pie Jesu" is ingesluit.

**Afrikaans • Gesin • 85 min.**
**R250 (vooraf) • R225 (Vriende van die KKNK) • R275 (by die deur)**
**Absa Burgersentrum**
**29 Maart 14:00 • 30 Maart 17:30**

## André Terblanché in konsert

**Kontemporêre musiek en kabaret**

MET **André Terblanché en Winand Grundling (klavier)** TEKS **André Terblanché** REGIE **André Terblanché en Winand Grundling**
VERVAARDIGER **Prima Produksies**

André Terblanché is ’n gevestigde akteur, sanger en kabaretkunstenaar wat onlangs opgetree het in David Kramer se Kanna-bekroonde musiekblyspel *Ver in die wêreld Kittie*. Winand Grundling begelei hom op klavier en saam neem dié twee vriende van 15 jaar die gehoor op ’n musikale reis wat oorspronklike musiek én vertolkings van bestaande treffers soos “Voshaarnooi” en “Meisie sonner sokkies” insluit. Die gehoor kan uitsien na uittreksels uit hul kabaret *Ballade vir ’n backtrack*, wat benoem is vir ’n Toyota US Woordfees Woordtrofee. Hulle het albei ’n natuurlike aanvoeling vir kabaret en ’n gedeelde humorsin, wat groot vermaak en verskeie lagbuie waarborg.

**Afrikaans • Gesin • 65 min.**
**R200 (vooraf) • R180 (Vriende van die KKNK) • R220 (by die deur)**
**Banketsaal**
**30 Maart 18:30**

## Beste vriende sing Laurika

**DEBUUT**

**Kontemporêre musiek**

MET **Wouter van de Venter en Clinton Waring** TEKS EN REGIE **Anél Wood** MUSIEKREGIE **Wouter van de Venter en Clinton Waring** MUSIEK **van Laurika Rauch VERVAARDIGER** Wouter van de Venter

Wouter van de Venter (van “As die hippies begin dans”- en “Beste vriende”-faam) met sy rasperstem en verstommende kitaarspel, en Clinton Waring (bekroonde pianis en begeleier) met sy fluweelstem en klavierspel, bied met hierdie musiek-ode ’n intieme openbaring van die mens agter die ikoniese status en die vriendin agter Suid-Afrika se geliefde sangeres Laurika Rauch. Aangrypende nuwe verwerkings van treffers soos “Die gang” en “Op Blouberg se strand” beloof om ’n hoendervel-mooi ervaring te wees en fabelagtige weergawes van onder meer “Toemaar die donker man” en “My ou tante Koba” neem gehore op ’n herinneringsreis wat die hartsnare sal roer. In hierdie terugblik van Wouter en Clinton se sewe jaar van optredes saam met Laurika Rauch – van Rustenburg tot die Royal Albert Hall in Londen en van Worcester tot Wembley – word staaltjies en herinneringe van hul orkesjare saam vertel wat nog nooit tevore gehoor is nie. Gehore hoor ook meer oor waar en hoe die legendariese liedjieskrywer Christopher Torr met lirieke vorendag gekom het vir bekende liedjies soos “Stuur groete aan Mannetjies Roux”.

**Afrikaans en Engels • Gesin • 80 min.**
**R180 (vooraf) • R160 (Vriende van die KKNK) • R200 (by die deur)**
**NATi-Gimsaal**
**29 Maart 19:30 • 30 Maart 14:30**

## Blommetjie gedenk aan my

**DEBUUT**

**Kontemporêre musiek**

*’n KKNK-produksie*

MET **onder andere Anton Goosen, Sonja Herholdt, Zolani Mahola, Lise Swart, Schalk Joubert en Illimar Neitz**

Die tydlose liedjies van die Liedjieboer word weer opnuut waardeer in hierdie samewerking. Dis ’n ervaring wat ons neem van die begin waar Sonja Herholdt en Anton Goosen ontmoet het tot by sy nuutste samewerking met Zolani Mahola. Kom beleef en herleef die verhale en die liedjies saam met die Liedjieboer, drie formidabele vroue en twee topmusikante en vind uit wat hierdie ikoon volksbesit gemaak het.

**Afrikaans en Engels • Gesin • 80 min.**
**R180 (vooraf) • R160 (Vriende van die KKNK) • R200 (by die deur)**
**Absa Burgersentrum**
**25 Maart 10:00 • 26 Maart 13:00**

## CH2: Spanish Fire

**DEBUUT**

**Kontemporêre musiek**

MET **Corneille Hutten en Christiaan Jacobsz** MUSIEKREGIE **Corneille Hutten en Christiaan Jacobsz**
VERVAARDIGER **Audio Monster**

Wat gebeur as jy Suid-Afrika se voorste kitaarduo en treffers soos “Vyfster”, “Volare”, “Insomnia”, “Billie Jean” en “Bamboléo” saamsmelt? Jy kry *Spanish Fire*! Die veelbekroonde CH2 is reeds vir dekades aan die voorpunt van virtuose kitaarspel en hou tans ’n wêreldrekord vir die vinnigste kitaarspel. Tydens hierdie optredes gaan hulle probeer om hul eie rekord op die verhoog te verbeter teen 1 000 kitaarslae per minuut. Gaan hulle dit regkry? Kry jou kaartjies en wees deel van hierdie vertoning vir die hele gesin, met ’n wêreldrekord-poging, skreeusnaakse stories uit CH2 se verskeie toere oor die wêreld heen en die bekendstelling van hul nuwe album, wat ook vir die Grammy-pryse ingeskryf gaan word.

**Afrikaans en Engels • Gesin • 70 min.**
**R160 (vooraf) • R145 (Vriende van die KKNK) • R175 (by die deur)**
**NATi-Gimsaal**
**29 Maart 11:00 • 30 Maart 19:00**

## Die Bos Parade: Oorskiet-treffers

**Kabaret, satire, klassieke en volksmusiek**

MET **Graeme Lees (kitaar), Vasti Zeeman-Knoesen (mezzosopraan), Brydon Bolton (kontrabas) en Dane Coetzee (tjello)** TEKS, VERWERKING EN VERVAARDIGER **Graeme Lees** REGIE EN VERHOOGBESTUURDERS **Graeme Lees en Vasti Zeeman-Knoesen**

Is jy moeg vir voorspelbare Afrikaanse poptreffers en oop vir iets nuut en verfrissend? Is jy lus om jouself te bederf met 'n kultureel-verrykende ervaring wat jou lank gaan bybly? Die Bos Parade, met die uiters bekwame musiekensemble Sybrandt Boerewors (kitaar), Wilma Koeksister (stem), Sersant (kontrabas) en Fransie Vermaak (tjello), beloof om jou op 'n musikale reis gevul met tong-in-die-kies-parodieë, kataklismiese verwerkings en nostalgiese volkswysie-verdraaiings te neem. Die befaamde Mariana Malan beskryf dié konsert as "eksperimenteel, maar weldeurdag…, met interessante en buitengewone akkoorde en sterk melodieë". Gratis beskuit word ingesluit.

**Afrikaans • Gesin • 80 min.**
**R180 (vooraf) • R160 (Vriende van die KKNK) • R200 (by die deur)**
**Banketsaal**
**23 Maart 14:00 • 24 Maart 15:30**

## Drie van die bestes

**Kontemporêre musiek**

MET **Mathys Roets, Danie Niehaus, Germandt Geldenhuys en Jaconell Mouton (klavier)** MUSIEKREGIE **Jaconell Mouton** VERHOOGBESTUURDER **Marianne Lochner**

*Drie van die bestes* is 'n samekoms van drie kunstenaars, met drie uiteenlopende stemme en drie persoonlikhede in een produksie op die verhoog. Ondanks elkeen se uiteenlopende musiekstyl, van pop tot ballades en ligte klassieke musiek, is dit veral hul a capella- en samesang wat hulle 'n gedugte kombinasie maak. As solo-kunstenaars is elkeen in 'n klas van sy eie en elkeen 'n ster in eie reg. Gesamentlik maak hierdie drie kunstenaars al musiek vir meer as 'n eeu en saam met die bekende pianis, Jaconell Mouton, sorg hulle vir 'n ongelooflike musikale reis.

**Afrikaans, Engels en Italiaans • Gesin • 80 min.**
**R190 (vooraf) • R170 (Vriende van die KKNK) • R220 (by die deur)**
**Absa Burgersentrum**
**30 Maart 10:00**

## Feesmark-verhoog

**Kontemporêre musiek**

*Ondersteun deur Huisgenoot*

Musiek vir jeukvoete is volop – kom sing en dans saam van vroegmiddag tot laataand. Hou ons sosiale mediaplatforms dop vir meer kunstenaars wat binnekort bygevoeg word.

**Saterdag 23 Maart**
Janine Fourie (12:00), Paul Amas & band (13:30), Alistair Izobell (15:00), Lisie Basson (16:30), Jay (18:00), Elandré (19:30), Die Heuwels Fantasties (21:00) en 'n DJ (vanaf 22:30).

**Sondag 24 Maart**
Prerogative Live Band (12:00), Michael Lindt (13:30), West (15:00), Congo Cowboys (16:30), Brendan Peyper (18:00), Ricus Nel (19:30), Appel (21:00) en 'n DJ (vanaf 22:30).

**Maandag 25 Maart**
Granville Michaels (12:00), Desmond Wells (13:30), Kurt Darren (15:00), The Rockettz New Generation (16:30), Karlien van Jaarsveld (18:00), Early B (19:30) en 'n DJ (vanaf 21:00).

**Dinsdag 26 Maart**
Rhino and the Rasta (12:00), Rubber Johnny (13:30), Tino (15:00), Barto (16:30), Die Piesangskille (18:00), Spoegwolf (19:30) en 'n DJ (vanaf 21:00).

**Woensdag 27 Maart**
Zurilda (12:00), Crushanda (15:00), Eloff (16:30), Jarrad Ricketts (18:00), Dodo Nyoka (19:30), Juanita du Plessis (21:00) en 'n DJ (vanaf 22:30).

**Donderdag 28 Maart**
Byron Minnie (12:00), Brigette (13:30), Wicus van der Merwe (15:00), Refentse (16:30), Bobby van Jaarsveld (18:00), Ouma Sarie en DJ Slide (19:30), Brandon Leigh's Big Mix (21:00) en Busiswa (22:30).

**Vrydag 29 Maart**
Bruin Biskuit (12:00), Paul Amas en band (13:30), Marissa (15:00), Vuvu Kumalo (16:30), Samantha Leonard (18:00), Demi-Lee Moore (19:30), Riaan Benadé (21:00) en 'n DJ (vanaf 22:30).

**Saterdag 30 Maart**
Tino (12:00), Bruin Biskuit (13:30), Ray Dylan (15:00), Chris Steyn (16:30), Sunset Sweatshop (18:00), Francois van Coke (19:30), YoungstaCPT (21:00) en 'n DJ (vanaf 22:30).

**Sondag 31 Maart**
Michael Lindt & band (13:30), Jonathan Rubain (15:00) en meer.

## Gestroop: Niël Rademan

**Kabaret**

MET **Niël Rademan** VERVAARDIGER **Niël Rademan Produksies**

Niël Rademan sing Afrikaanse volksmusiek en ballades. Hy vervleg dit met Europese liedere en melodieë waarvoor hy bekend is. Dit is Afrikaans met 'n internasionale kabaretklub-klank soos lanklaas gehoor. Met klavier, trekklavier en mondfluitjie. Rademan het

20 jaar gelede gedebuteer met herinterpretasies van liedere soos "Sawends" deur Jan Pohl en ook die immergroen "Boereseun" van Danie Bosman. Vanjaar keer hy terug na sy wortels en voeg 'n reeks nuwe liedere, vertalings, sowel as musiek uit sy eie pen hierby. *Gestroop* is vars en opwindend. Word weggevoer op die maat van swing, die tango, die samba en selfs 'n setees. Hy sing, vertel stories van sy pad tot hier en begelei homself op klavier en trekklavier – soos jare gelede.

**Afrikaans • Gesin • 60 min.**
**R220 (vooraf) • R200 (Vriende van die KKNK) • R240 (by die deur)**
**Banketsaal**
**27 Maart 10:00 • 28 Maart 14:30**

## Hand aan hand met Elandré

**Kontemporêre musiek**

MET **Elandré, Konstant de la Porté (kitaar), Duard Musk (baskitaar), Anrich Engelbrecht (tromme) en Mirizca Theron (klavier)** MUSIEKREGIE **Elandré Schwartz** PRODUKSIEBESTUURDER **Chrizaan Neethling**

Elandré vertolk van jou gunsteling-musiek met die ondersteuning van sy vurige vierstukorkes. Hy keer terug na die platform waar sy liefde vir musiek begin het: die teater. Stap *Hand aan hand met Elandré* en beleef die verhale agter die mens en die musiek. Die program sluit nuwe vertolkings van ou gunstelinge, asook 'n paar nuwe treffers in.

**Afrikaans • Gesin • 75 min.**
**R200 (vooraf) • R180 (Vriende van die KKNK) • R220 (by die deur)**
**Absa Burgersentrum**
**24 Maart 18:00**

## Helenè Bester en Jannie Moolman: Nag in die Namib

**Kontemporêre musiek**

MET **Helenè Bester, Jannie Moolman, Franco Engelbrecht (viool en perkussie) en Cornel Engelbrecht (klavier)** TEKS, REGIE EN VERVAARDIGERS **Helenè Bester en Jannie Moolman** MUSIEK **Heinrich Pelser en Engeli le Roux**

Helenè Bester en Jannie Moolman bied die beste van twee wêrelde vir gehore. Klassiek en lig! Met hul goeie sin vir humor en stemme wat mekaar aanvul, is hierdie produksie 'n moet. Hul treffer "Nag in die Namib", wat verlede jaar as duo uitgereik is, is ingesluit. Danie Niehaus se pragtige lied "Kleure" is as duet vir hulle verwerk en opgeneem. "Bitterbessie dagbreek", voorheen gesing deur Anneli van Rooyen, is ook 'n gunsteling wat hulle as duet sing en die hartsnare roer. Helenè gooi 'n tikkie Nana Mouskouri tussenin en Jannie maak sy operastem dik. Gunstelinge van Lucas Maree, Jannie du Toit en Sias Reinecke is ook deel van die program.

**Afrikaans • Gesin • 75 min.**
**R160 (vooraf) • R145 (Vriende van die KKNK) • R175 (by die deur)**
**Absa Burgersentrum**
**23 Maart 16:30**

## Jak de Priester: Hartkamer

**DEBUUT**

**Kontemporêre musiek**

MET **Jak de Priester** MUSIEKREGIE EN VERVAARDIGER **Jak de Priester**

Jak de Priester stel ná vier jaar 'n nuwe album, getiteld *Hartkamer*, bekend. Onder sy woonhuis in Somerset-Wes het hy sy studio omskep in 'n intieme, kreatiewe ruimte waar hy sy liedjies skryf en gereeld laatnag-*gigs* vir 'n gehoor van 20 mense aanbied. Vandaar die titel: *Hartkamer*. Hy stel sy nuwe album by die KKNK bekend en sing nuwe musiek, waaronder "Klein Saterdag", "Hartenbos", "Dit is lekker om te weet", "In Somerset-Wes", "Die trein", "Kaalvoet Mona Lisa", "Nothing Much to Lose" en vele meer.

**Afrikaans • Gesin • 90 min.**
**R180 (vooraf) • R160 (Vriende van die KKNK) • R200 (by die deur)**
**Banketsaal**
**29 Maart 18:30 • 30 Maart 12:00 • 31 Maart 13:00**

## Jakkals en Berg: Bella Musica

**Kontemporêre musiek**

MET **Jakkie Louw en Charlize Berg** TEKS EN MUSIEK **Jakkie Louw en Charlize Berg** MUSIEKREGIE EN VERWERKING **Jakkie Louw** VERVAARDIGER **Jakkie Louw Produksies**

Ná die jare lange sukses van Jakkie Louw en Kevin Leo se produksie *Jakkals en Leo*, is Jakkie Louw terug met nog 'n asemrowende produksie, dié keer saam met Charlize Berg. Sy het jare gelede "Angel" saam met Jakkie opgeneem. Die kombinasie van hul stemme werk besonder goed vir van die mooiste Afrikaanse en Engelse duette met Charlize se suiwer stem en Jakkie se rasperstem. Sien uit na onder meer "Liedjie vir jou", "Don't Know Much", "Islands in the Stream", "Bella Musica" en verskeie ander oorspronklike werke. Reis saam deur hierdie pragtige musiek.

**Afrikaans en Engels • Gesin • 80 min.**
**R230 (vooraf) • R205 (Vriende van die KKNK) • R255 (by die deur)**
**Banketsaal**
**25 Maart 14:00 • 26 Maart 12:00**

## Kaapse kabaret met Leslie Kleinsmith en die Ramon Alexander Trio

**Kontemporêre musiek**

MET **Leslie Kleinsmith, Ramon Alexander, Dylan Tabisher en Annemie Nel** TEKS, MUSIEKREGIE EN VERWERKING **Ramon Alexander** VERVAARDIGER **A-Rex Music Initiatives**

Leslie Kleinsmith is ’n gevestigde en geliefde kabaret- en jazzkunstenaar van Distrik Ses in Kaapstad. Nadat hy sy kuns verfyn het deur meesters soos Nat King Cole, Frank Sinatra en Sammy Davis Jr. in sy vroeë jare te bestudeer, het Kleinsmith uiteindelik ’n gevestigde stem in die Suid-Afrikaanse musieklandskap geword. Deur die jare het hy ook sy vaardigheid in verskeie musiekstyle bewys, waaronder populêre musiek, R&B en *big band*-swing. In *Kaapse kabaret* span Kleinsmith kragte saam met die bekroonde kontemporêre Kaapse jazzpianis en musikale regisseur Ramon Alexander en sy trio, om musiek te maak en stories te vertel van sy tyd saam met die legendariese pianis Tony Schilder, sy hoofrolle in treffer-musiekblyspele soos die ghoema-musiekblyspel *District Six* en *Guys and Dolls*. Kom luister na die musiek wat gereeld oor die Kaapstad-radiogolwe gehoor word en beleef vir Kleinsmith, wat steeds gehore vermaak waar ook al hy sing.

Leslie Kleinsmith is a well-established and much-loved cabaret and jazz performer that hails from District Six in Cape Town. Having honed his craft by studying masters like Nat King Cole, Frank Sinatra, and Sammy Davis Jr. in his early years, Kleinsmith has gone on to become an established voice on the South African musical landscape. Over the years he has also become adept at various musical styles such as popular music, R&B, and big band swing. In *Kaapse Kabaret* Kleinsmith teams up with award-winning contemporary Cape jazz pianist and musical director Ramon Alexander and his trio, to perform music and tell stories from his tenure with legendary pianist Tony Schilder, his lead roles in hit musicals such as the ghoema musical, *District Six* and *Guys and Dolls*. Expect to hear more about the songs that regularly plays on the airwaves of Cape Town and continues to delight audiences wherever he sings.

**Afrikaans en Engels • Gesin • 75 min.**
**R180 (vooraf) • R160 (Vriende van die KKNK) • R200 (by die deur)**
**Banketsaal**
**28 Maart 11:30**

## Laatnag

**Kontemporêre musiek**

Laatnag, die KKNK se laataand-kuierplek, het net die regte brousels om jou feesdag mee af te sluit. Musiekmoetie, dansdoepa, proesstroop, ’n koppie klets, Karoolug en selfs ’n groen ambulans wanneer dit nodig is – dit alles en meer wag hier op jou. Geniet die lewendige musiek deur verskeie bekende musikante en kuier saam tot in die oggendure in.

**Netwerk24-feeskafee**
**Daagliks vanaf 21:00**

## Margaretastraat: Jannie du Toit

**Kontemporêre musiek**

MET **Jannie du Toit en Chanie Jonker** MUSIEKREGIE **Jannie du Toit** VERVAARDIGER **JNS Musiek**

In hierdie produksie vertel Jannie du Toit van “liedjie-aande” in 1981 en 1982 by sy huis in Margaretastraat 28, Pretoria. Dit het legendaries geword en ’n belangrike rol in die Musiek en Liriek-beweging gespeel. Digter-sangers soos Koos du Plessis, Coenie de Villiers, Lucas Maree en Jannie du Toit het aspirantskrywers en -sangers geïnspireer met Afrikaanse musiek wat herinner het aan die folk-musiek van die jare sestig. Daar was geen toegangsgeld nie en meeste van die sangers en gehoorlede het sommer op die vloer gesit. Lucas Maree het later vertel hoe hy tydens ’n liedjie-aand besluit het om in Afrikaans te begin skryf. Die musiek en verhale van ’n tiental sonderlinge liedjiemakers word ingesluit.

**Afrikaans • Gesin • 80 min.**
**R180 (vooraf) • R160 (Vriende van die KKNK) • R200 (by die deur)**
**Banketsaal**
**25 Maart 17:00 • 26 Maart 16:30**

## Mathys Roets en Anna Davel in konsert

**Kontemporêre musiek**

MET **Anna Davel, Mathys Roets en Jaconell Mouton (klavier)** MUSIEKREGIE **Jaconell Mouton** VERVAARDIGERS **Anna Davel en Mathys Roets**

Mathys Roets en Anna Davel het 20 jaar gelede vir die eerste keer saam opgetree tydens die opname van Mathys se DVD *Vrydag die 13de*. Hulle bring nou van hul mooiste liedjies byeen in een lekker saamkuier-show met stories van treine, verlore liefde, nostalgie en blou oseane. Daar word natuurlik ’n heel nuwe kleur aan die oorspronklike Afrikaanse musiek van elkeen se onderskeie albums gegee, onder meer “Fluister”, “Te lank al”, “In my lewe” en “Die gypsy in jou oë”. Meer bekende liedjies word verwerk as duette en die gehoor kan uitsien na die warm klanke van Mathys se diep stem saam met Anna se meer liriese aanslag in die musiek van onder andere Roger Whittaker, Koos Kombuis, Vaya Con Dios, Coenie de Villiers, Leonard Cohen, Neil Diamond en Lucas Maree.

**Afrikaans en Engels • Gesin • 75 min.**

**R200 (vooraf) • R180 (Vriende van die KKNK) • R220 (by die deur)**
**Banketsaal**
**29 Maart 12:00 • 30 Maart 15:30 • 31 Maart 10:00**

## Nataniël: Nineveh Song

**Kontemporêre musiek**

MET **Nataniël, Nicolaas Swart, Dihan Slabbert, Leon Gropp en Marcel Dednam** KOSTUUMONTWERP **Floris Louw**

Van Mesopotamië tot Mariah, die liefdeslied was nog altyd die kern van populêre musiek. Historici en musikante is reeds dekades besig om die verlore musiek uit ou beskawings na te vors en te herskep. Nataniël het gaan luister en leer en die resultaat is sy nuutste skepping, *Nineveh Song*, 'n versameling liedere van die begin van die beskawing tot 2024 se eerste treffers. Intiem, romanties, akoesties, nuut!

**Afrikaans en Engels • Geen o.16 • 90 min.**
**R280 (vooraf) • R260 (Vriende van die KKNK) • R300 (by die deur)**
**Absa Burgersentrum**
**31 Maart 14:00**

## RAAF

**Kontemporêre musiek**

MET **Lourens en Esté Raaf**

RAAF: 'n Fees van hulle nuutste musiek, lirieke, digkuns en daardie kenmerkende energie wat jou lank na hierdie vertoning geïnspireer gaan laat om vol en kleurvol te lewe. Hul genre kan nie tot een woord beperk word nie. Hul lirieke vertel stories van ons diepste menswees en hul musikaliteit en energie het gehore as lewensveranderend beskryf. Lourens en Esté RAAF doen die lewe anders – elke dag is 'n avontuur, elke oomblik 'n geleentheid. Met dié vooruitsig bring hulle die musiek van die splinternuwe *Prediker*-album, asook van die ou gunstelinge na die KKNK. Met die verhoog vol instrumente en 'n skatkis vol stories, beloof dit om 'n optrede te wees wat jy nie wil misloop nie. Klim op die RAAF-tuig vir 'n reis van musiek wat jou gaan laat lag, huil en beslis gaan lus maak vir 'n partytjie – 'n musiekervaring wat jy nooit gaan vergeet nie!

**Afrikaans en Engels • Gesin • 80 min.**
**R180 (vooraf) • R160 (Vriende van die KKNK) • R200 (by die deur)**
**Banketsaal**
**24 Maart 12:00 • 25 Maart 11:00**

## Roem: 'n Musiekverhaal

**DEBUUT**

**Kontemporêre musiek**

*'n KKNK-produksie, ondersteun deur NATi en Homebrew Films*

MET **Anrich Herbst, Eldon van der Merwe, Daneel van der Walt, Nelandi Boshoff, Mauritz Lotz en Blake Hellaby** TEKS **Deon Meyer** MUSIEK EN MUSIEKREGIE **Coenie de Villiers** REGIE **Nicole Holm** ONTWERP **Stefan Benadé** VERHOOGBESTUURDER **Mariska Meyer** VERVAARDIGERS **KKNK, in samewerking met Coenie de Villiers en Deon Meyer**

*Dis 'n storie oor die kollig,*
*dis 'n storie oor groot roem.*
*Patrys wil dit hê.*
*Haar pa wil dit verdoem.*

Deon Meyer en Coenie de Villiers keer ná hul sensasionele *Karoo Suite*-vertonings terug met die verhaal van 'n man en sy musiek – en die hersenskim van roem, soos net hierdie twee meesters kán. Van die land se heel beste akteurs en musikante werk saam op die verhoog, met 'n verhaal wat in die Karoo wegspring en uitspeel in die glans van die grootstad se liggies.

**Afrikaans • Gesin • 90 min.**
**R220 (vooraf) • R200 (Vriende van die KKNK) • R240 (by die deur)**
**Absa Burgersentrum**
**23 Maart 12:00 • 24 Maart 14:00 • 25 Maart 14:30 • 27 Maart 17:30 • 28 Maart 14:00 • 29 Maart 10:00**

## Stef Bos: Bijna 30 jaar later

**DEBUUT**

**Kontemporêre musiek**

MET **Stef Bos** TEKS EN REGIE **Stef Bos** VERVAARDIGER **Vuurvlieg CC**

Stef Bos was byna 30 jaar gelede vir die eerste keer op Oudtshoorn. Uit die staanspoor het dié Nederlandse sanger-liedjieskrywer plaaslike gehore oorrompel met sy liedjies, sang en stories. Nes in die Lae Lande was "Papa", van sy debuutalbum *Is dit nu later*, ook in Suid-Afrika besonder gewild. Sy Suid-Afrikaanse bande het hy verder uitgebou met samewerking met kunstenaars soos Johannes Kerkorrel, Thandi Klaasen, Amanda Strydom, Koos Kombuis en Louis Mhlanga. Hy het verlief geraak op Afrikaklanke, het vir jare al 'n tuiste in Suid-Afrika en van sy liedjies is geskryf in "Bos-taal", soos hy al in 'n onderhoud daarna verwys het – iets tussen Nederlands en Afrikaans. Hy skep nog onophoudelik en toer gereeld, maar was lanklaas op die verhoog in Oudtshoorn. *Bitterlief* is die jongste van tientalle albums wat hy al uitgereik het. Hy neem die gehoor met stories en musiek op reis deur hierdie tyd in sy lewe en sy verhouding met Suid-Afrika.

**Afrikaans • Gesin • 80 min.**
**R200 (vooraf) • R185 (Vriende van die KKNK) • R220 (by die deur)**
**Absa Burgersentrum**
**26 Maart 10:00 • 27 Maart 14:00**

## Soweto String Quartet

**Contemporary music**

WITH **Sandile Khemese (violin), Thamsanqa David Khemese (violin), Makhosini Meshack Mnguni (viola) and Bongani Kunene (cello)** MUSICAL DIRECTOR **Sandile Khemese**

The award-winning Soweto String Quartet performs at the KKNK. The group has recently started to compile a comprehensive documentary about the life of the late cellist and co-founder of the group Reuben Khemese.

Die bekroonde Soweto String Quartet maak 'n draai by die KKNK. Dié groep het onlangs begin om 'n omvattende dokumentêr oor die lewe van die ontslape tjellis en medestigter van die groep, Reuben Khemese, saam te stel.

**English • Family • 40 min**
**R180 (vooraf) • R160 (Vriende van die KKNK) • R200 (by die deur)**
**Banketsaal**
**26 Maart 14:30 • 27 Maart 15:30**

## Spierwit blues en Hennie Aucamp se dagboeke

**Musiekteater**

MET **Albert de Vos (sang en kitaar) en Izak de Vries (voorleser)** TEKS **Hennie Aucamp** MUSIEK EN VERVAARDIGER **Albert de Vos**

Albert de Vos sing sy oorspronklike musiek en Izak de Vries dra gedeeltes uit Hennie Aucamp se dagboeke voor. Een van die liedtekste handel oor die KKNK.

**Afrikaans • Gesin OB • 60 min.**
**R160 (vooraf) • R145 (Vriende van die KKNK) • R175 (by die deur)**
**Bibsaal**
**30 Maart 10:00 • 31 Maart 12:00**

## Tweeluik

**DEBUUT**

**Musiekteater**

MET **Chanette Paul, Jan van Tonder, Alzanley en Petronel Baard** TEKS **Chanette Paul en Jan van Tonder** MUSIEKREGIE **Petronel Baard** VERHOOGBESTUURDER **Alta Scott** VERVAARDIGER **Lang Vrou Produksies**

Petronel Baard, gevierde musikant en sanger, span kragte saam met skrywers Chanette Paul en Jan van Tonder vir 'n lieflike woordkuns-en-musiekaanbieding. Voorlesings en staaltjies word geëggo met musiek wat die skrywers geïnspireer het in hul proses, of wat slim aansluit by verskeie temas uit hul boeke. 'n Musikale kyk agter die skerms na die verhale van boeke soos *Murasie*, die Vywervrou-trilogie, *Sagie*, *Die verevrou* en meer uit die skrywers se penne. Tesame met die talent van Alzanley, 'n ATKV-Crescendo-finalis van 2022, spog *Tweeluik* met twee skrywers en twee sangers wat kragte saamsnoer vir 'n besonderse boek-en-musiekreis, spesiaal vir die KKNK in 2024.

**Afrikaans en Engels • OB • 90 min.**
**R160 (vooraf) • R145 (Vriende van die KKNK) • R175 (by die deur)**
**Banketsaal**
**23 Maart 18:00 • 26 Maart 20:00**

## Vier Panado's en 'n Chardonnay

**DEBUUT**

**Kabaret**

*Speelvak ondersteun deur NATi*

MET **Elzabé Zietsman en Tony Bentel** TEKS EN REGIE **Johann Slabbert** MUSIEKREGIE **Tony Bentel** VERVAARDIGER **Drama Drama**

In hierdie kabaret, ook bekend as *Ek het al so baie my *** gesien, ek is bang vir ******, vier Elzabé Zietsman haar en haar mede-Suid-Afrikaners se veerkragtigheid. As ons val, staan ons op. As die mat onder ons uitgeruk word, maak ons bollemakiesies en land op ons voete. As die wêreld om ons verander, pas ons aan. En as die wêreld om ons heeltemal uitmekaar val, drink mamma vier Panado's en 'n glas Chardonnay en pappa steek die vuur aan. Môre probeer ons weer.

**Afrikaans • Geen o.13 T • 65 min.**
**R180 (vooraf) • R160 (Vriende van die KKNK) • R200 (by die deur)**
**Banketsaal**
**26 Maart 10:00 • 27 Maart 12:30 • 28 Maart 17:30**

## Zolani en Dozi: Die kort en die lank

**DEBUUT**

**Kontemporêre musiek**

MET **Zolani Mahola (The One Who Sings) en Dozi**

Zolani Mahola (deesdae bekend as The One Who Sings) en Dozi deel vir die eerste keer die verhoog vir twee intieme optredes met volksmusiek en stories in hierdie unieke samewerking tussen twee geliefde Suid-Afrikaanse musikante. Zolani het in 2002 die aandag getrek en Suid-Afrikaners oorrompel as die sangeres van die groep Freshlyground. In 2019 het sy haar vlerke as sanger-liedjieskrywer gesprei en 'n sololoopbaan aangepak. Sy is ook bekend vir haar suksesvolle samewerking met talle kunstenaars, ingesluit Karen Zoid, en haar jongste samewerking beloof om iets besonders te wees. Dozi, bekend vir enigiets van "Ou ryperd" tot sy vertolking van verskeie Zoeloe-liedjies, sal vir die eerste keer in tien jaar weer op toer wees, met hierdie samewerkingskonsert wat beloof om iets uitsonderlik te wees. Moet dit nie misloop nie!

**Afrikaans, Engels, Zoeloe en Xhosa • Gesin • 75 min.**
**R250 (vooraf) • R220 (Vriende van die KKNK) • R260 (by die deur)**
**Absa Burgersentrum**
**23 Maart 20:00 • 24 Maart 10:00**

## FEESMARK

**Samesyn vir smulpape en markievrate. Neem in oormaat.**

'n Kuur vir elke kwaal. Dít wag op feesgangers by die KKNK se Feesmark. Van vroegoggend tot laataand is hier baie doendinge vir die hele gesin, met hope om te sien, te beleef, te proe, te ruik en te ervaar. Musiek deur 'n versameling van Suid-Afrika se gunstelinge op die **Feesmark-verhoog**, ondersteun deur *Huisgenoot*. Familievermaak het 'n nuwe tuiste by die Feesmark, waar ure se vermaak in die **Klein KKNK-teater** op kinders en ouers wag. Wandel vir ure deur dié inkopieparadys se stalletjies. Die KKNK-winkel swaai sy deur oop in 'n nuwe area met meer en mooier aandenkings as in 2023. Smul aan die buffet van kos by die kosstalletjies. Proe deli-produkte, lekkernye en drinkgoed. Koel af by die kroeë op die terrein. Span uit en geniet die aanbod deur die dag en saans in die lugverkoelde Absa Kuierkamer, waaronder insiggewende gesprekke met bekendes. En raak ontslae van daardie laaste bietjie energie by die pretpark.

**Afrikaans en Engels • Gesin • 540 min.**
**R80 per dag vir volwassenes (23 tot 30 Maart) • R100 per dag vir volwassenes (by die hekke vir 23 tot 30 Maart) • R50 vir volwassenes (31 Maart) • R70 vir volwassenes (by die hekke vir 31 Maart)**
**R30 per dag (kinders van 7 tot 13 jaar oud)**
**Toegang is gratis vir kinders onder 7 met ouerbegeleiding**
**R490 vir 'n Feeskaartjie (al 9 dae)**
**Die Feesmark is geleë in die area rondom die De Jager-sportsentrum in Voortrekkerweg**
**23 tot 31 Maart 10:00 tot laat**

## KINDERTEATER

*Ondersteun deur die ATKV*

**Multi-pret kultuur vir die kleinspan. Vir kinders én ouers. Neem daagliks.**

### Klein KKNK-teater

Familieteater en -vermaak kry 'n nuwe tuiste! Die **Klein KKNK-teater** is 'n spesiale, goed toegeruste teatertent in die Feesmark. Toegang vir besonderse teaterproduksies is gratis vir alle Feesmark-kaartjiehouers. Plek in die teater is beperk en sodra dit vol is vir een vertoning, moet die geesdriftige gesin vir 'n volgende vertoning terugkom. In die Klein KKNK-teater kan kinders van alle ouderdomme die wonderwêreld van teater ervaar. Tot en met drie kinderteaterproduksies word daagliks aangebied – wat ook heerlike ontsnapping en vermaak vir volwassenes bied. Ouderdomsgroepe word as 'n riglyn aangedui, soos die program noukeurig saamgestel is om vir spesifieke en alle ouderdomme te voorsien. In dié magiese area word ander sessies soos boekvoorlesings deur bekendes, poppekas en speletjies ook aangebied. Die Feesmark bied verder 'n pretpark soos wat 'n mens net by feeste kry! Ure se musiekvermaak wag op die Feesmark-verhoog, ondersteun deur Huisgenoot, lekkers en ander lekkernye is te kies en keur by die honderde stalletjies. Familievermaak word ook elders in teaters aangebied met produksies soos *Braam en die engel* wat 'n absolute moet-sien is vir laerskool- en hoërskoolleerlinge. Toegang tot die Feesmark is gratis vir kinders onder sewe met ouerbegeleiding en kos slegs R30 per dag vir kinders tussen sewe en 13 jaar oud.

### Bounced

**Fisieke teater**

MET **Azola Mkhabile, Siphenathi Siqwayi, Sipho Kaloko en Thabo Mkenene** REGIE **Jennie Reznek** OORSPRONKLIK GESKEP DEUR **Jennie Reznek en Jayne Batzofin, in samewerking met die geselskap** CHOREOGRAFIE **Jennie Reznek en geselskap** VERHOOGBESTUURDER **Themba Stewart** VERVAARDIGER **Magnet Theatre**

*Bounced* is 'n prettige, energieke en speelse produksie wat jong gehore gaan vermaak. Dit verken die dinamiek van vier vriende se wêrelde wat bymekaarkom. Van uitputtende laagtepunte tot die hoogste hoogtes, word die gehoor gelei deur 'n kleurvolle reis en gevra om vrae te vra oor wie lei, wie volg en wie uitgelaat word. Die vier jong akteurs werk met die uiterste sensitiwiteit en humor om die fyn balans tussen menslike interaksie en die magstryd wat in groepe van alles groottes en soorte kan bestaan, bloot te lê. *Bounced* gaan haarfyn te werk om te wys dat pret wat gedeel word altyd dubbel so lekker is.

*Bounced* is a fun, high energy, and playful production to delight young audiences. It explores the dynamics of the world of four friends as they come together. From the deflated lows to the highest highs, we are led through a vibrant journey where we are asked to question who leads, who follows, and who is left out. The four young actors work with extreme sensitivity and humour to expose the delicate balance of human interaction and power struggles that can exist in groups of all sizes and kinds. *Bounced* works its way delicately to a point of understanding that fun shared is always fun doubled.

**Nie-verbaal • Gesin (2 tot 7 jaar) • 35 min.**
**Ingesluit by Feesmark-kaartjie**
**Klein KKNK-teater in die Feesmark**

**28 Maart 16:30 • 29 Maart 10:30 • 30 Maart 10:30**

## Die rooi ballon

**Bewegingsteater**

MET **Craig Morris en Casey Sewbaran** REGIE **Toni Morkel** TEKS **Barry Kornhauser** MUSIEK **Tony Bentel en Craig Morris** KLANKBAAN **Cassy Sewbaran** VERHOOGBESTUURDER **Babs Sewbaran** VERVAARDIGER **National Children's Theatre**

*Die rooi ballon* vertel die storie van 'n nors ou man wat sy verjaarsdag alleen vier, tot daar 'n magiese rooi ballon by sy venster verskyn. Hy is aanvanklik gestel op sy kluisenaarsmaniere, maar alles verander vir die ou man wanneer hy verplig word om sy huis met dié lewendige ballon te deel, wat hom speels uit sy knorrigheid lok. Met die bekroonde Craig Morris in die rolverdeling het *The Red Balloon* 'n Silwer Ovation-prys by die Nasionale Kunstefees in 2023 gewen.

*The Red Balloon* tells the story of a grumpy old man celebrating his birthday alone, when a magical red balloon appears at his window. Initially set in his solitary ways, everything changes for the old man as he is compelled to share his home with this lively balloon, which playfully coaxes him out of his grumpiness. Starring the award-winning Craig Morris, *The Red Balloon* was a Silver Ovation Award-winner at the National Arts Festival in 2023.

**Nie-verbaal • Gesin (alle ouderdomme) • 60 min.**
**Ingesluit by Feesmark-kaartjie**
**Klein KKNK-teater in die Feesmark**
**23 Maart 16:30 • 25 Maart 16:30 • 26 Maart 13:30 • 27 Maart 16:30 • 28 Maart 10:30**

## Dinosourusse kan nie lees nie

**Kinderteater**

*Aangebied deur ATKV-tak Gemeenskapsteater*

MET **Neels Vorster, Lydia Jaquire en Megan Rossouw** REGIE **Christi-Ann Lombard** VERHOOGBESTUURDER **Franzèl du Plessis**

Emmie en haar vreemde oupa Bas het 'n reuseprobleem! Wat maak 'n mens met 'n dinosourus in jou slaapkamer? En hoe kry 'n mens daardie dinosourus weer terug by sy huis? *Dinosourusse kan nie lees nie* is geskryf deur die bekende teatermaker en aktrise Ilne Fourie en word deur die ATKV-tak Gemeenskapsteater aangebied. Met kleurvolle karakters en lekker loslit-liedjies neem die kinderteaterstuk jonk en oud op 'n verbeeldingsvlug. Interaktief en kreatief, met 'n lessie daarby: Lees is baie belangrik en baie lekker.

Let wel: Sitplekke in die Klein KKNK-teater is onbespreek en plek is beperk. Maak seker jy is vroegtydig daar vir die vertonings om teleurstelling te voorkom.

**Afrikaans • Gesin (6 tot 10 jaar) • 55 min.**
**Ingesluit by Feesmark-kaartjie**
**Klein KKNK-teater in die Feesmark**
**29 Maart 13:30 • 30 Maart 16:30**

## Elephants Come Home

**Drama**

*Ondersteun deur die Nasionale Lotery-kommissie*

MET **Noxolo Magadla, Zizipho Gcasamba, Marvin Safoor en Siyawandisa Badi** REGIE, TEKS EN VERHOOGBESTUURDER **Heather Gielink** VERVAARDIGER **Jungle Theatre Company**

*Elephants Come Home* vertel die storie van 'n olifantfamilie wat verlore is sonder hul wyse matriarg. Hulle sukkel om die stemme van hul voorouers en hul plek in die wêreld te vind en vertrek op 'n emosionele en lewensveranderende reis – wat 'n weerspieëling van ons eie uitdagings is om die wonde van die verlede te genees en noodsaaklike bande te herbou. Terwyl die olifante en mense se lot vervleg, ontdek hulle dat deur hul pynlike geskiedenis dapper te konfronteer, kan hulle die weg baan vir oplossings, groei en hernude verhoudings. Die opvoering word gevolg deur 'n werksessie.

*Elephants Come Home* showcases the story of a family of elephants, lost without their wise matriarch. Struggling to find their ancestral voices and their place in the world, they embark on an emotional and transformational journey that mirrors our own struggles to heal wounds from the past and rebuild essential bonds. As the elephants and humans intertwine their destinies, they discover that by courageously confronting their painful history, they pave the way for resolution, growth, and renewed relationships. Performance followed by a workshop.

**Engels, Afrikaans en Xhosa • Gesin (10 tot 13 jaar) • 40 min.**
**Ingesluit by Feesmark-kaartjie**
**Klein KKNK-teater in die Feesmark**
**23 Maart 13:30 • 24 Maart 13:30 • 25 Maart 10:30**

## Kosblik

**DEBUUT**

**Komedie**

*Ontwikkel deur die Laerskool Durbanville*

MET **Leerlinge van Laerskool Durbanville** TEKS **Christie van Niekerk** REGIE **Christie van Niekerk en Veronica Geldenhuys**

VERVAARDIGER **Laerskool Durbanville**

Kosblikke kan lyk asof dit deel is van ’n alledaagse ritueel vir dié wat dit teëkom. Wat sou gebeur wanneer die kositems binne-in kosblikke stemme kry? In skooltasse – tussen pouses – word daar gefokus op die spanning oor wat gaan gebeur as die deksel gelig word. In Christie van Niekerk se *Kosblik* volg ons die akademiese boffins, “die *Peanut gallery*”, se reis om hul hipotese te ondersoek: Is kos bang om geëet te word, of is daar dalk iets anders wat hulle meer bevrees maak? *Kosblik* het verskeie pryse en benoemings gekry by die Tygerberg Eisteddfod, die Parel Vallei Playhouse Dramafees en die Montague Nasionale Jeugkunstefees, waaronder vir beste regie en beste byspeler.

**Afrikaans en Engels • Gesin • 30 min.**
**Ingesluit by Feesmark-kaartjie**
**Klein KKNK-teater in die Feesmark**
**26 Maart 16:30 • 27 Maart 13:30**

## Loop speel

**Speletjie-werksessie**

*Karoo Kaarte* bied ’n interaktiewe werksessie vir kinders aan waarin jong feesgangers voorgestel word aan gewilde Klein Karoo-speletjies: skaloeloe, drie-blikkies, gaatjie en kennetjie. Tydens die werksessie word deelnemers aangemoedig om hul eie weergawes van elke speletjie te ontwikkel.

*Karoo Kaarte* presents an interactive workshop for children where young festivalgoers are introduced to popular Klein Karoo games: Skaloeloe, Drie-blik, Gaatjie, and Kennetjie. During the workshop, participants are encouraged to develop their own variations of each game.

**Veeltalig • Gesin • 60 min.**
**Ingesluit by Feesmark-kaartjie**
**Grasperk langs Klein KKNK-teater in die Feesmark**
**23 tot 31 Maart 15:00**

## Ons is hier!/On est là!

**Komedie**

*Ondersteun deur ASSITEJ SA en ASSITEJ België, befonds deur die regering van Vlaandere en die Wallonie-Bruxelles International*

MET **Sibusiso Khambule en Sjaka S. Septembir** REGIE EN CHOREOGRAFIE **Jordi L. Vidal** VERHOOGBESTUURDER **Juani-Lieben Smith** VERVAARDIGER **Jordi L. Vidal Company en Skobbejakkals**

Twee baie teenoorgestelde mans ontmoet op pad strand toe. Met die teer, avontuurlustige en snaakse ontmoeting, word hulle gedwing op deur hul verskille te werk. Hulle leer hoe om hul vooroordele te bowe te kom en bou saam brûe vir ’n beter lewe. Die glimlagte sal kom en gaan soos ’n roerende verhaal vol verrassings met ’n wye spektrum emosies ontvou. Hierdie aandoenlike produksie is ontwikkel deur ASSITEJ SA en ASSITEJ België se Letsema/Collaborate-projek. Ouers wat die produksie saam met hul kinders gesien het, is dit eens: “Almal in Suid-Afrika moet dit sien!” ’n Unieke en spesiale samekoms van verskillende kulture.

Two very opposite men meet on their way to the beach. A tender, adventurous and funny meeting confronting their differences to put light on their prejudices, to overcome them, create bridges and live together better. A touching coming and going of smiles, surprises, and emotions. This engaging production was devised through ASSITEJ SA and ASSITEJ Belgium’s *Letsema/Collaborate* project. After seeing this performance with their children, various parents have said: “This is a performance that everyone in South Africa must see!” A unique and special meeting of different cultures.

**Hoofsaaklik nie-verbaal met Afrikaans en Zoeloe • Gesin (alle ouderdomme) • 45 min.**
**Ingesluit by Feesmark-kaartjie**
**Klein KKNK-teater in die Feesmark**
**29 Maart 16:30 • 30 Maart 13:30 • 31 Maart 10:30**

## Rondomtalie

**Poppeteater**

MET **Anna Davel, Schoemé Steenkamp en PuppeTrix se poppekas-karakters** MUSIEK EN REGIE **Anna Davel** LIRIEKE **Jaco Jacobs en Schoemé Steenkamp van Puppetrix** SAMESTELLING **Anna Davel en Schoemé Steenkamp** VERVAARDIGER **Anna Davel**

Dis tyd om die stokkerige arms en bene goed los te maak, die stemme warm te maak en lekker saam te sing, dans, lag en kuier. Anna Davel vertel stories en sing haar gunsteling-kinderliedjies en Schoemé Steenkamp van PuppeTrix bring vir Trix en al die poppekas-storiekarakters saam vir ’n vertoning vol avonture. Sien uit na musiek van die Ghoema- en Tempo-benoemde CD vir beste kinderalbum *In die land van Kammalielie*, asook nuwe liedjies van die kinderrympie-koning Jaco Jacobs se bundel en CD Rondomtalie. Die boek is ’n samestelling van 30 van Jacobs se beste kleuterverse, met musiek geskryf deur Anna Davel. Beide die boek en CD is beskikbaar tydens die vertoning, uitgegee deur Lapa Uitgewers.

**Taal • Gesin (2 tot 7 jaar) • 50 min.**
**Ingesluit by Feesmark-kaartjie**
**Klein KKNK-teater in die Feesmark**
**27 Maart 10:30 • 28 Maart 13:30 • 31 Maart 13:30**

### Rooi Boeties

**Fisieke teater**

*Ondersteun deur die Nasionale Kunsteraad en die Khula Cape Foundation*

MET **Andile Vellem en Jori Snell** REGIE **Caroline Calburn** ONTWERP **Jayne Batzofin** VERVAARDIGER **Theatre Arts**

*Rooi Boeties* is 'n speelse, nie-lineêre montage van woorde, fisieke beelde en klank wat op 'n sorgvuldige en verbeeldingryke maniere gebruik word om lewe te gee aan die fantasiewêreld van avontuur, vriendskap, verlies en wat dit vir kinders beteken om iets te deel. Die produksie is geskep en word opgevoer deur 'n horende en dowe speler en gebruik gebaretaal as die vertrekpunt vir die visuele en fisieke taal. Dit spreek tot babas se natuurlike vermoë om gebaretaal aan te leer.

*Rooi Boeties* is a playful, non-linear montage of words, physical imagery and sound used imaginatively and gently to evoke the fantastical realm of adventure, friendship, loss and what it means to share for children. The production has been created and performed by a hearing and deaf performer and uses sign language as the springboard for the visual and physical language. It taps into babies' natural ability to learn sign language.

**Hoofsaaklik gebaretaal met Afrikaans, Engels en Xhosa • Gesin (1 tot 3 jaar) • 40 min.**
**Ingesluit by Feesmark-kaartjie**
**Klein KKNK-teater in die Feesmark**
**23 Maart 10:30 • 24 Maart 16:30 • 25 Maart 13:30**

### The Heart of the Ocean

**Bewegings- en visuele teater**

*'n Ko-produksie van Baba Yaga Theatre en Teatret OM (Denemarken)*

MET **Jori Snell** TEKS, REKWISIETE, KOSTUUMS EN VERVAARDIGER **Jori Snell, Baba Yaga Theatre** ARTISTIEKE LEIDING **Sandra Pasini**

Lank, lank gelede, voor die begin van tyd, was daar 'n meisie, 'n pelikaan en 'n saadjie. Hulle vertrek op 'n magiese reis om die eerste goue saad van die lewe met die naam "The Heart of the Ocean" te vind. Hierdie verhaal is een van vriendskap, verlies en dapperheid. Dit is 'n huldeblyk aan die kragte van die natuur en die verbeelding. Ontmoet die kreature van die woud, en word vriende met blomme, insekte en diere. Kom beleef iets van die stemming en gevoel van Costa Rica, waar die stuk aanvanklik ontwikkel en gemaak is. Betree 'n diverse oerwoud – 'n visuele en speelse ruimte gevul met sang, dans en fisieke storievertelling. *The Heart of the Ocean* beklemtoon die waarde en skoonheid van die natuur en die ontdekking van jou eie verbeelding. Jori Snell is 'n veelbekroonde regisseur en kunstenaar.

Once upon a time, before time began, there was a girl, a pelican, and a seed. They embark on a magical journey to find the very first golden seed of life called: "The Heart of the Ocean". Meeting creatures of the forest, making friends with flowers, insects and animals, this performance is a tale of friendship, loss, courage, and a tribute to the forces of nature and the imagination. Conceived and made initially in Costa Rica, be invited to enter the atmosphere of Costa Rica's diverse jungle, in a visually playful space, filled with song, dance and physical storytelling. *The Heart of the Ocean* highlights the value and beauty of nature and the discovery of one's own imagination. Jori Snell is a multi-award-winning director and performer.

**Engels • Gesin (3 tot 6 jaar) • 45 min.**
**Ingesluit by Feesmark-kaartjie**
**Klein KKNK-teater in die Feesmark**
**24 Maart 10:30 • 26 Maart 10:30**

## VISUELE KUNS

**Kunsoog om beter te kan sien. Besigtig. Bespreek. Herhaal.**

'n Besonderse versameling kunsuitstallings, saamgestel deur die KKNK se kurator vir visuele kuns, is in die tuiste van visuele kuns, die Prince Vintcent-gebou, te sien. Hierdie aanbod bied vele vir elke kunsoog om beter te kan sien – besigtig, bespreek, herhaal. Die aanbod sluit onder meer 'n uitstalling deur die feeskunstenaar van 2024 en 'n Absa-uitstalling in. Nadat jy al die kunswerke hier gesien het, maak 'n draai by die Kunskwartier-roete, waar plaaslike kunstenaars en galerye hul werk uitstal.

**Gesin • Gratis**
**Prince Vintcent-gebou**
**23 tot 31 Maart 09:00 tot 18:00**

## GESPREKKE

*Ondersteun deur die Het Jan Marais Nationale Fonds*

**Koukuskruie verbreed jou horisonne. Hoe meer hoe beter.**

### DIE BURGER PRAAT SAAM

Dit is verkiesingsjaar in 2024 en Jody Hendricks, van RSG-faam, het 'n program saamgestel wat die soeklig op nasionale en plaaslike politiek laat val. Ander brandpunte en sake van die dag oor belangrike landskwessies word ook bespreek. Kom kies jou toekoms en praat saam by hierdie gewilde gespreksreeks. Elke oggend om 08:30.

**Afrikaans en Engels • Gesin • 60 min.**
**Netwerk24-feeskafee**
**23 tot 31 Maart 08:30**

## Oudtshoorn: Kies jou toekoms – Gemeenskapsfokus op verkiesing

MET **Chad Louw (ANC), dr. Corné Mulder (Vryheidsfront Plus) en Tertuis Simmers (DA)**
GESPREKSLEIER **Jody Hendricks**

Vir wie gaan die mense op Oudtshoorn stem en hoe gaan die keuse die toekoms van die dorp beïnvloed? Dié Klein Karoo-dorp is bekend vir wipplank-politiek en mag wat gereeld skuif tussen verskeie politieke partye. Ons bespreek die verwagtinge van die burgers en die plan vir die toekoms van die dorp.

**Afrikaans en Engels • Gesin • 60 min.**
**Gratis**
**23 Maart 08:30**

## Vrygeborenes ('born frees'): Kies jou toekoms

MET **Mercy Kannemeyer (skrywer, teatermaker, regisseur en meningsvormer), Ashley Jade Swartz (BA-student aan die Universiteit van Wes-Kaapland en betrokke by 'n welsynsorganisasie in Porterville), dr. Rudi Buys (uitvoerende dekaan van die DaVinci Business Institute en akademiese hoof van NetEd Group) en Helene Badenhorst (prokureur en ondervoorsitter van die Oudtshoorn Besigheidskamer)** GESPREKSLEIER **Jody Hendricks**

Ons bespreek hoe die sogenaamde "born frees", burgers wat ná 1990 gebore is, die uitdagings, geleenthede en toekoms van Suid-Afrika sien. Onderwerpe soos onder meer basiese dienste, toegang tot hoër onderwys en werkloosheid word bespreek. En ons vra of hulle steeds die bagasie van die verlede dra wat hul ouers gedra het.

**Afrikaans en Engels • Gesin • 60 min.**
**Gratis**
**24 Maart 08:30**

## Die '94-vraagstuk en die toekoms van die land…

**MET Roelf Meyer (voormalige minister en Kodesa-onderhandelaar) en dr. Allan Boesak (teoloog en voormalige vryheidsvegter)**
GESPREKSLEIER **Jody Hendricks**

Suid-Afrika se demokrasie is 30 jaar oud. Ons besin oor die uitkoms van die destydse onderhandelinge. Was dit die beste vir Suid-Afrika en is dit steeds relevant wanneer ons die toekoms van die land bespreek?

**Afrikaans en Engels • Gesin • 60 min.**
**Gratis**
**25 Maart 08:30**

## Beïnvloed die media jou keuses en hoe jy die toekoms van die land sien?

**MET Willem Jordaan (redakteur van *Die Burger*), Kenneth Makatees (bedryfsbestuurder van die SAUK in die Wes-Kaap), Marianne Thamm (mederedakteur van *The Daily Maverick*) en Ivor Price (joernalis en spesialis in media-innovering)**
GESPREKSLEIER **Jody Hendricks**

Daar is baie geskryf en reekse gemaak oor die rol wat beide sosiale en tradisionele media gespeel het om mense se keuses te beïnvloed tydens die 2016-verkiesing in die VSA. Met die oog op ons eie verkiesing later vanjaar word daar gevra wat is die rol en verantwoordelikheid van die media in 'n verkiesingsjaar? Gaan sosiale media 'n faktor wees? Moet die media byvoorbeeld standpunt inneem oor 'n spesifieke party of leier?

**Afrikaans en Engels • Gesin • 60 min.**
**Gratis**
**26 Maart 08:30**

## Die aanbod van leierskap in Suid Afrika en hoe dit die toekoms kan beïnvloed

MET **prof. Francis Petersen (rektor en visekanselier van die Universiteit van die Vrystaat), prof. Loretta Feris (onderhoof van akademie by die Universiteit van Pretoria) en Doris Viljoen (direkteur by die Instituut vir Toekomsstudies aan die Stellenbosch Besigheidskool en senior lektor in toekomsstudies)**
GESPREKSLEIER **Jody Hendricks**

Baie Suid-Afrikaners smag na doeltreffende en etiese leierskap, op regeringsvlak asook in die private en openbare sektor. Maar is daar leiers wat werklik die mas kan opkom? Ons vra wat is die uitdagings en geleenthede vir leiers om 'n positiewe verskil te maak en hoe dit van populistiese leierskap verskil.

**Afrikaans en Engels • Gesin • 60 min.**
**Gratis**
**27 Maart 08:30**

## Die moontlikheid en gevolge indien die ANC onder 50% steun kry

MET **dr. Oscar van Heerden (senior navorsingsgenoot by die Universiteit van Johannesburg se Sentrum van Afrika-diplomasie en -leierskap, dr. Leslie van Rooi (senior direkteur: sosiale impak en transformasie van die Universiteit Stellenbosch) en dr. Pieter Mulder (voormalige adjunkminister van landbou, bosbou en visserye en oudleier van die VF Plus)** GESPREKSLEIER **Jody Hendricks**

Politieke ontleders verskil oor die moontlikheid dat die ANC se steun vanjaar tot onder 50% sal daal. Wat sal die gevolge hiervan vir die land wees? Sal 'n koalisieregering beter dienste aan burgers kan lewer? Wie gaan met wie saamwerk in dié moontlike koalisie?

**Afrikaans en Engels • Gesin • 60 min.**
**Gratis**
**28 Maart 08:30**

## Moet Suid-Afrika standpunt inneem as daar internasionaal oorlog plaasvind?

MET **prof. Jo-Ansie van Wyk (kenner van internasionale politiek verbonde aan Unisa), Lionel Louw (geestelike leier en kenner op die gebied van maatskaplike werk) en Jaco Kleynhans (hoof: internasionale skakeling van Solidariteit)** GESPREKSLEIER **Jody Hendricks**

Rusland en Oekraïne. Israel en Palestina. Hoe moet Suid-Afrika se internasionale beleide geïnterpreteer word? Hoe besluit ons wie is reg en wie is verkeerd? As ons kant kies, hoe kan dit ons toekoms en ekonomie beïnvloed? Hierdie vraagstukke en ander word deur die paneellede bespreek.

**Afrikaans en Engels • Gesin • 60 min.**
**Gratis**
**29 Maart 08:30**

## Afrikaans vir almal

*Aangebied in samewerking met Son*

MET **Merlyn van der Rheede (projekbestuurder by die Afrikaanse Taalraad), dr. Diana Ferrus (bekroonde skrywer en digter) en Eugene Shitikulu (werksaam in die mediabedryf)** GESPREKSLEIER **Jody Hendricks**

Meer mense praat nou Afrikaans as ooit vantevore, selfs ook "inkommers". Jy kan deesdae enige Chinese winkelkompleks besoek en jy sal minstens een Chinese persoon kry wat Afrikaans praat. Daar is selfs Somaliërs wat Afrikaans praat en as tolke in die hof werk. Daar is soveel mense wat die taal aangryp, ons sien dit ook op sosiale media. Die paneel bespreek Afrikaans as taal vir almal, die verskillende variëteite van die taal en hoe Afrikaans van streek tot streek verskil.

**Afrikaans en Engels • Gesin • 60 min.**
**Gratis**
**30 Maart 08:30**

## Die rol en toekoms van die kunste in 'n demokratiese Suid Afrika

MET **verskeie kunstenaars en kunste-administrateurs** GESPREKSLEIER **Jody Hendricks**

Die kunste het gedurende apartheid standpunt ingeneem en 'n groot rol daarin gespeel om mense bewus te maak van die ongeregtighede. Hoe het dit in 'n demokratiese Suid-Afrika verander, gegewe die uitdagings en probleme in die land? Moet die kunste nie meer standpunt inneem nie? En hoe lyk die toekoms van die kunste in Suid-Afrika?

**Afrikaans en Engels • Gesin • 60 min.**
**Gratis**
**31 Maart 08:30**

## KKNK Boekstories

Ons moes drie jaar wag, maar hier is Bennie Griessel en Vaughn Cupido weer! Deon Meyer kom gesels by KKNK Boekstories oor sy dubbeldik *Leo*, waarin die boewe verleidelik en die misdaad slim is en Bennie uiteindelik voor die preekstoel gaan beland – of gaan hy te laat opdaag?

Van misdaad gepraat, maar van die soort wat in die werklike lewe afspeel: Die joernalis Daniel Steyn praat oor die boek wat hy en sy medejoernalis Marecia Damons geskryf het. Die titel sê dit alles: *The Thabo Bester Story: The Facebook Rapist, the Celebrity Doctor and the Escape from Cell 35*.

Daar is nog misdaad op die Boekstories-program: Leon van Nierop se *Duiwelsroos* speel op die spogroosplaas Roosbaron af. Sal 'n roos ooit weer soet kan ruik vir jou? Sidney Gilroy het ook bloed op die brein met *Bloedsomer*, wat net voor die KKNK verskyn.

Morné Malan se nuutste, *Minder as water*, kan seker ook onder misdaad gereken word, maar dis in 'n heel ander trant – 'n lieflike storie waarin konstabel Cheslin Fielies, sy vrou, Charmaine, dominee Lodewyk en mevrou Miriam van Helsdingen dinge met jou hart gaan doen.

'n Ander roman wat ook in die Noord-Kaap afspeel en net voor die KKNK op die rakke verskyn, is deur die skrywer van *Vaselinetjie*, Anoeschka von Meck. Verwag in *Twa, die tydloper* weer die lieflikste beskrywings van 'n dogtertjie wat heel wild grootword op 'n plaas waar haar pa sy gesin afsonder van die bose wêreld.

Brenden Nel kom gesels oor sy boek waarvan die titel ook alles vertel: *Derick Hougaard: Die ware storie van die Liefling van Loftus*. Dis nie net die verslawings nie; het jy geweet dat Hougaard jonk-jonk ses keer harsingskudding opgedoen het. Wat was die invloed hiervan op Hougaard?

As jy hou van die aweregse, moet jy beslis kom luister wanneer Sjaka S. Septembir oor sy nuutste boek, *Die bardo van Biko April*, praat. Hy skryf oor onder meer verliefdheid en eensaamheid en selfdood. Dit word vertel in die styl van skrywers soos Kleinboer, Henry Miller en Charles Bukowski.

Dr. Beryl Botman het in haar boek *Sedert die dood ons skei* geskryf oor hoe sy die onverwagse heengaan van haar man, prof. Russel Botman, rektor van die Universiteit Stellenbosch, ervaar het. Sy skryf in die opvolg, *Steeds bly die liefde*, oor die verslegtende verhoudings met haar stief- en skoonfamilie en hoe sy vir haar 'n nuwe lewe skep.

En dan vir iets heel anders: Bibi Slippers se jongste digbundel, *Soekenjin*, het die

mense aan die praat en verkoop soos soetkoek. By Boekstories kan jy kom terugsit en luister hoe sy self haar verse voorlees.

Die volledige lys van skrywers wat op die Boekstories-verhoog gaan wees, sal in 2024 in die aanlyn program op kknk.co.za te sien wees.

**Afrikaans en Engels • Gesin • 45 min.**
**Gratis**
**23 tot 30 Maart 10:00, 11:15 en 15:00 • 31 Maart 10:00 en 11:15**

### Stilte: 'n Leerskool

**Gesprek**

MET **Johannes de Villiers**

In ons waansinnige tye voel dit behoorlik of mens se kop draai. Almal smag na stilte, maar hoe kan jy stilte om jou en binne jou gemoed bewerkstellig? In hierdie praktiese leerskool leer Johannes de Villiers, aanbieder van RSG se *Die blydskapnavorser* en skrywer van *Kalmte in die malle gejaag*, jou 'n paar tegnieke om jou rasende gedagtes tot bedaring te bring en rus in jou gemoed te vind. Kaartjies sluit koffie in.

**Afrikaans • Gesin • 120 min.**
**R220**
**Surval Boutique Olive Estate**
**29 Maart 09:00 • 30 Maart 09:00**

## KLEIN KAROO-ERVARINGS

**Karoolug verkwik liggaam en siel. Vind jouself in die helende Klein Karoo.**

### Olifant-ervaring en buffet-ontbyt

AANGEBIED DEUR **Buffelsdrift Game Lodge**

Geniet 'n buffet-ontbyt in die restaurant en beleef 'n wonderlike ervaring saam met die drie grootpote Malaika, Bulelo en Jabari. Word meegevoer deur die aangrypende verhaal van drie wees-Afrika-olifante wat 'n gelukkige tuiste by Buffelsdrift Game Lodge gevind het. Persoonlike interaksie met die olifante en hope fotogeleenthede is deel van dié ervaring.

**Afrikaans en Engels • Gesin • 120 min.**
**R495**
**Buffelsdrift Game Lodge**
**23 tot 31 Maart 07:30**

### Historiese wandeltoer

**Toer**

AANGEBIED DEUR **Roydin Engelbrecht van RJ Tours**

Op dié gemaklike staptoer word daar besoek afgelê by belangrike argitektoniese geboue op Oudtshoorn. Een hiervan is die NG Moederkerk waar bouwerk in 1860 begin het en in 1879 voltooi is. Dra gemaklike stapskoene en warm klere.

This comfortable walking tour visits important architectural buildings in Oudtshoorn. One example is the Dutch Reformed Moederkerk, where construction began in 1860 and concluded in 1879. Wear comfortable walking shoes and warm clothing.

**Afrikaans en Engels • Gesin • 120 min.**
**R130**
**Vertrek vanaf NG Moederkerk (h.v. Hoog- en Kerkstraat) en eindig by Beans Café (Kerkstraat)**
**23 tot 31 Maart 08:00**

### Karoo Kaarte-staptoer

**Klein Karoo-ervaring**

Tydens die fees in 2023 het *Karoo Kaarte* 'n opwindende slimfoon-app bekend gestel, wat selfbegeleide toere herverbeel en saamgesmelt het met die mondelinge geskiedenis wat tydens die projek ingesamel is. Die app is 'n interaktiewe argief van herinneringe uit mense se kinderdae en staaltjies oor verlore en openbare ruimtes van Oudtshoorn. Nuwe gebiede van belang word in 2024 tot die app bygevoeg en 'n reeks begeleide staptoere word aangebied. Elke staptoer is 'n unieke ervaring terwyl gehore deur die verskillende woonbuurte van Oudtshoorn begelei word, met verskillende *Karoo Kaarte*-spanlede wat hul eie persoonlike stories en staaltjies oor die dorp verweef met die herinneringe van mede-inwoners waarmee daar vir die projek onderhoude gevoer is. Deelnemers benodig toegang tot 'n slimfoon met data om die *Karoo Kaarte*-app af te laai. Oorfone is nie noodsaaklik nie, maar gaan die ervaring verbeter. Die roete is ongeveer 3 km lank.

During the 2023 festival, *Karoo Kaarte* launched an exciting smartphone app that reimagined and merged self-guided tours with the oral histories collected over the course of the project. The app serves as an interactive archive of memories of childhood and anecdotes about lost and public spaces in Oudtshoorn. New sites of interest are added to the app in 2024, that will be presented during a series of guided walks. Each day will provide a unique experience as the audience is led through the different neighbourhoods of Oudtshoorn, with a different *Karoo Kaarte* team member weaving together their personal stories and anecdotes about the town with memories of fellow residents interviewed for the project daily. Participants in the walk need to have access to a smartphone with data to download the *Karoo Kaarte* app. Earphones are not essential but will enhance the experience. The route is approximately 3km.

**Veeltalig • Gesin • 90 min.**
**R80 (vooraf)**

**Vertrek vanaf C.P. Nel-museum-muurskildery**
**23 Maart 09:00 (Bongolethu, Thusong-sentrum) • 24 Maart 09:00 (Oudtshoorn-sakekern) • 25 Maart 09:00 (Bridgton, Die Oukas) • 26 Maart 09:00 (Bridgton, Die Laeveld) • 27 Maart 09:00 (Bongolethu, Thusong-sentrum) • 28 Maart 09:00 (Oudtshoorn-sakekern) • 29 Maart 09:00 (Bridgton, Die Oukas) • 30 Maart 09:00 (Bridgton, Die Laeveld) • 31 Maart 09:00 (Oudtshoorn-sakekern)**

## Olyf tot olyfolie

**Toer en proe**

**AANGEBIED DEUR** Precilla Steenkamp en Megan Stuurman van De Rustica

"Jy sal nooit weet hoe 'n slegte olyfolie proe voordat jy 'n goeie een geproe het nie."

De Rustica se Estate Collection Coratina-olyfolie is in 2023 as die wêreld se beste olyfolie aangewys by die Evooleum-kompetisie in Spanje. Hierdie toer en proe bied 'n warm, vriendelike en leersame ervaring waar deelnemers leer hoe olyfolie verbou, geoes en produseer word. Of jy nou 'n fynproewer van olyfolie is of nie – dit is 'n fantastiese toer vir elkeen wat meer van die bekende De Rustica Olive Estate wil sien. 'n Kort video bied insig in die geskiedenis van die olyfbedryf in Suid-Afrika, waarna 'n professionele en ervare toergids die groep vergesel na die olyfboord en meer inligting verskaf oor die landgoed, die olyfbome en verskillende kultivars. Gaste besoek ook die olyfmeule, wat 'n insiggewende toer van die Alfa Laval-pers insluit. 'n Unieke proe-ervaring van olyfolie is iets wat jy nie gou sal vergeet nie. Verskillende style van olyfolie van verskillende oesjare en variëteite word geproe. Daar is nie 'n beter manier om meer oor die geheime van olyfolie te leer as by De Rustica Olive Estate nie.

**Afrikaans en Engels • Gesin • 60 min.**
**R100**
**De Rustica Olive Estate, Oudemuragie-pad, De Rust (35 km buite Oudtshoorn)**
**23 Maart 11:00 & 14:00 • 24 Maart 11:00 • 25 Maart tot 30 Maart 11:00 & 14:00**

## The Accidental Baker's Sourdough Workshop

**Baking**

PRESENTED BY **The Accidental Baker**

In this workshop The Accidental Baker will introduce you to the basics of sourdough baking. These include techniques they use in their bakery to knead, ferment, shape and bake their loaves, as well as how to make and maintain a starter, how to make and shape your dough, and many useful tips to bake the perfect loaf. View more on Instagram @theaccidentalbaker_co.

**English • Family • 270 min**
**R1,150**
**The Accidental Baker, 23 Wesoewer Street, Calitzdorp**
**26 March 09:00 28 March 09:00**